

Nr./No. 96

NOVEMBER 1989

Pretoriana



TYDKSRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
(PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING)

JOURNAL OF THE OLD PRETORIA SOCIETY
(THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION)

Prys R 4,00 PRICE

Bestuurslede van die Genootskap Oud-Pretoria (die Historiese Vereniging van Pretoria) op 1 November 1989

Dr.N.A.Coetzee, voorsitter, telefoon 46 3142

Mnr.W.J.Punt, ondervoorsitter, bewaring van geboue

Mev.M.L.Willmer, sekretaresse, telefoon 70 3052

Mnr.R.L.M.Cloete, verteenwoordiger van die Stadsraad van Pretoria

Mev.M.Andrews, organisasie van toere

Mnr.T.E.Andrews, "Nuusbrief", bewaring van begraafplose

Mev.M.Bees, posbestellings

Mev.A.Dreyer, argief

..... : , organisasie van byeenkomste

Dr.C.de Jong, redaksie van "Pretoriana", tel.348-3111

Mnr.D.Panagos, forte

Mnr.C.J.Reinecke, penningmeester

Mnr.E.Zapke, skooltuinwedstryde

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.
The post office box of the Society is 4063, Pretoria 0001.

Die telefoonnummer van die sekretariaat is (012) 70 3052.
The telephone number of the secretariat is (012) 70 3052.

"PRETORIANA - AFRICANA"

Offer to sell back-copies of "Pretoriana"

Can you buy a history book with illustrations for under R50?
NO!

But you can purchase over 3000 pages of Pretoria history for R20,00. Contact Anton Jansen at telephone number (012) 9089406 after office hours or at (012) 70 6456 during office hours to arrange for a set of "Pretorianas" to be collected by you or delivered to you- Only a few copies are now out of stock. You need not be a member of our Society.

You can also obtain separate copies, issued before 1985, at R1,00 each, if available.

Anton Jansen's postal address is P O Box 33 704, Glenstantia, Pretoria 0010.

TABLE OF CONTENTS / INHOUDSOPGawe

Page/
bladsy

From the editor / Van die redakteur	2
The Old Pretoria Society / Die Genootskap Oud-Pretoria	3
J.Ploeger, "Veertig jaar Genootskap Oud-Pretoria (3) - Die tydperk 1969-1973"	3
Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij	12
Amptelike aanbieding van die jubileūmboek "NZASM 100"	14
Stadswapen van Pretoria	16
Nuwe stadswapen (uit "Toria")	16
John D.Bodel, "The Coat of Arms and other heraldic symbols of the City of Pretoria"	18
Argitekte in Pretoria (1)	31
J.Ploeger, "Die argitek Johannes Rienk Burg, 1874-1961, sy werk en sy vennote"	31
Nedbank 1888-1988	38
C.de Jong,"Uit die geskiedenis van die Nedbank (2) - Die eerste tydperk van die Nederlandse Bank voor Zuid-Afrika, 1888-1910"	38
Afrikanerboere in Oos-Indië	46
C.de Jong, "Die blanke boere in Oos-Indië, onder wie die laaste Afrikaners van Ceylon, 1903-1962 (4) - Opkoms, bloei en ondergang van die Generaal-de-Wet- plaas "	46
Ander artikels en bydraes	67
L.AMöller , "Sensitizing namers and naming authorities/ Sensitisering van naamgewers en naamowerhede"	67
A.van Zyl, "History of Westfort Hospital"	75
Uit die tydskrifte / From the journals	78
Prof.F.J.Pretorius oor die stamvader van die familie Pretorius in Suid-Afrika, in "Historia"	78
100 jaar Sankt-Peters-kerk te Pretoria, uit "Brucka"	80
Boekbespreking	81
Andrews, Tom, and/en J.Ploeger, "Street and place names of Old Pretoria / Straat- en plekname van Ou-Pretoria" bespreek deur C.de Jong	81

PRETORIANA Nr.96 - November 1989

From the editor

Old Pretoria Society - Dr.J.Ploeger contributes his third article describing the history of our Society,in 1969-1973.

NZASM - Reportage of the official handing-over of the centenary book "NZASM 100" at Pretoria on 21 March 1989

Coat of Arms of Pretoria - Announcement in "Toria" of the alteration in the Coat, and a paper of Mr.J.D.Bodel on the history of its coming into being and its incorrectness

Architects in Pretoria - Dr.J.Ploeger offers a survey of Mr. J.R.Burg's career and of the firm which he founded, that designed many important buildings in Pretoria.

Nedbank (2) - The early history of the "Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika" in 1888-1910, written by C.de Jong

Afrikaners in Java (4) - Rise, prosperity and destruction of the General de Wet farm, 1904-1945, written by C.de Jong

Other articles and contributions

Naming - Dr.L.A.Möller has lectured to our Society on "Sensitizing of namers and naming authorities"; sensitizing means here making sensitive.

Westfort - Of Dr.A.van Zyl is the contribution on Westfort Hospital close to Pretoria.

From the journals

From "Historia" (Pretoria) is the summary of Professor F.J.Pretorius' article on the ancestor of the Pretorius family in South Africa.

The Lutheran congregation at Pretoria celebrates this year its centenary. Therefore an article on its history in "Brucka" which appears here in translation.

Book review - Review of Tom Andrews and Jan Ploeger,"Street and place names of Old Pretoria", Pretoria 1988

VEERTIG JAAR "GENOOTSKAP OUD-PRETORIA" (3). DIE TYDPERK 1969-1973, m.a.w. tot die einde van die eerste notuleboek (A1266)

deur Kol. Dr. Jan Ploeger

1. Vergaderings in 1969.

Volgens die notule van die bestuursvergadering van 15 Januarie 1969 is die vereniging "Vriende van die Museum", met mnr. I.T. Meyer as voorsitter, op 5 November 1968 gestig. Besluit is om mnr. (later Dr.) J.H. Snyman op die jaarvergadering as argivaris aan te stel.¹⁾ (Met die museum is NASKO bedoel - red.)

Die jaarvergadering is op 24 April 1969 gehou. Mnr. J.P. Snyman, senior dosent in argitektuur aan die Universiteit van Pretoria, het oor die kultuurhistorikus en bewaring van historiese geboue gepraat. Hy het o.m. verklaar:

"Die gemeenskap het werklik nie veel erg aan al die gedoe oor historiese geboue en monumente; die Genootskap staan in die gemeenskap se pad - hy is lastig in die oë van die 'voortstrewendes'."

Op die vergadering is die volgende bestuur vir 1969 verkies: mnr. N.L.P. van der Walt (voorsitter), prof. Dr. P.C. Coetzee (onder-voorsitter), mnr. P.O. Kraamwinkel (sekretaris), prof Dr. F.J. du Toit Spies (hulpsekretaris, redakteur), mnr. W.H. Kruger (penningmeester), mnr. J.H. Snyman (argivaris). Lede: mnr. T.E. Andrews, Dr. N.A. Coetzee, maj. N.M. Lemmer, mnre. W.J. Punt, H.M. Rex, W.S. Robertson, E. de V. Stegman.²⁾

In die jaarverslag oor 1968 is allereers die heengaan van twee bestuurslede, t.w. Dr. T.S. van Rooyen en mnr. C.A. Cilliers herdenk.³⁾ Met betrekking tot laerskooltuine het mnre. H. Bruins-Lich en H. Minnaar (Inspekteur van Skole) as beoordeelaars opgetree. Die eerste prys is aan die Laerskool Rachel de Beer toegeken. 'n Memorandum oor snelweë (bewaring, historiese geboue, tradisionele atmosfeer) is by die stadsraad ingedien. 'n Mosie i.v.m. die instandhouding van die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) is ingedien. Met die omheining sal die vier toegangshekke name ontvang. Die stadsraad oorweeg die saak. Vir die ooplugmuseum (NASKOM) is 'n terrein verkry en op 5 November 1968 is die vriendekring vir NASKOM deur die Genootskap gestig. Die woonhuis van genl. Nicolaas J. Smit is in 1968 gesloop. Die voordeur is deur die Genootskap gered en vir bewaring aan die Laerskool Generaal Nicolaas Smit oorhandig. 'n Vaarwelfunksie vir Dr. G. Rissik, wat saam met mej. Jacobs (van die S.A. Reserwebank) uitgetree het, word beplan.⁴⁾

Die volgende bestuursvergadering is op 17 Junie 1969 gehou. Mnr. Snyman het verklaar dat, ten opsigte van die Genootskap se argief, akkommodasie en katalogisering gebiedend is. Gevolglik het hy tydelike oorplasing uit die Staatsbibliotheek na die Staatsargief voorgestel om ordening te vergemaklik. Die Genoot-

skap het 'n kamer in die Melrosehuis aangevra om te vergader en om argiefstukke uit te stal en so 'n versoek aan die stadsraad gerig. Mnr. Robertson het 'n pleidooi vir die behoud van die Ou Nederlandse Bankgebou gelewer.⁵⁾

Op die bestuursvergadering van 27 Augustus 1969, is - op versoek van die stadsklerk - die benaming vir die hoofhekke van die Ou Begraafplaas, t.w. die Paul Krugerhek, die Heldehek, die Stigtershek en die Stadsburgershek, skriftelik aan hom voorgeleë. Daar is besluit dat die voorsitter en sy gade 'n krans by die Krugerstandbeeld sal lê. 'n Pleidooi vir die bewaring van die Griekse kerk in Proesstraat is deur mnr. Paul Voetsas gelewer. Aangesien die grond verkoop is, kan die Genootskap weinig doen. Sowel "Jess Cottage" as die huis van wyle C.J.J. Joubert, by Elandspoort, is gesloop. Die muurpanele van die huis word deur die provinsiale owerhede bewaar.⁶⁾

Op die bestuursvergadering van 5 November 1969 is besluit om die Genootskap se argiefstukke tydelik na die Staatsargief oor te plaas. Vermeld is dat die NZASM-brug by die Fonteine gevaaar staan om gesloop te word. In verband met die bewaring van die Ou Nederlandse Bankgebou het 'n reddingskakeling tussen die Stigting Simon van der Stel, die Krugergenootskap, die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, die Vereniging van Argitekte, die Afrikaanse Kultuurraad en die Genootskap tot stand gekom.⁷⁾

2. Vergaderings in 1970.

Besluit is om 'n gedenkplaat by die reeds genoemde NZASM-brug op te rig. Verder is op dieselfde bestuursvergadering van 4 Februarie 1970 besluit dat die "verenigde front" in verband met die redding van die Ou Nederlandse Bankgebou op 14 April 1970 gehou sou word. Mnr. W.J. Punt het verklaar dat die saak in verband met die behoud van die voormalige Staatsgimnasium ook geopper moet word. Die deure en vensters van die vroeëre kerk op Kerkplein is geskenk aan die Kerkmuseum van die Nederduitse Hervormde Kerk, Jacob Maréstraat, Pretoria.⁸⁾

Die jaarverslag is tydens die jaarvergadering op 28 April 1970 ter tafel gelê. Die volgende bestuur is vir 1970 verkies: mnr. N.L.P. van der Walt (voorsitter), prof. Dr. P.C. Coetzee (onder-voorsitter), mnr. P.O. Kraamwinkel (sekretaris), prof. Dr. F.J. du Toit Spies (hulpsekretaris), mnr. J.D. Bodel (penningmeester), mnr. W.H. Kruger (argivaris). Lede: mnr. T.E. Andrews, Dr. N.A. Coetzee, maj. N.M. Lemmer, mnr. W.J. Punt. Mnr. R.S. Fair het 'n lesing, "Pretoria - A theatre of war" gehou en hoofsaaklik by die beleg van Pretoria (1880-1881) stilgestaan.⁹⁾

Op die bestuursvergadering van 9 Junie 1970 het o.m. die volgende aangeleenthede onder bespreking gekom. Allereers is 'n venster van die voormalige kerk op Kerkplein aan die Nasio-

nale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum geskenk. Die aksiegroep wat i.v.m. die bedreigde Staatsgimnasium en die Ou Nederlandse Bankgebou deur die Genootskap in die lewe geroep is, het vrugtelose pogings aangewend om dié twee geboue van sloping te red. 'n Argiteksmodel van die Staatsgimnasium sal in die hoofgebou van die Departement van Poswese uitgestal word. Boufragmente van die Staatsgimnasium sal bewaar word. Die eienaars van die Operahuis wil die gebou sloop, maar die voorgewel opknap en behou.

Jan F.E. Cilliers se huis (Kotzéstraat 166) word gesloop en die eienaars is bereid om 'n gedenkplaat in die nuwe gebou aan te bring. In verband met die voormalige woonhuis van genl. Nicolaas J. Smit is die Wesleyaanse kerk moontlik daarvoor te vind dat 'n gedenkplaat op die eiendom op die hoek van Andries- en Visagiestraat aangebring word. Daar het die woonhuis vroeër gestaan.¹⁰⁾

Op die bestuursvergadering van 12 Augustus 1970 is o.m. besluit dat die voorsitter 'n krans by die Krugerstandbeeld sal lê.¹¹⁾ Die volgende bestuursvergadering is op 4 November 1970 gehou. I.v.m. die NZASM-brug is meegedeel dat dit wil voorkom of die boë aan die westekant van die pad deur die Fonteinendaal behoue sal bly. 'n Gedenkplaat kan aan die Wesleyaanse kerk aangebring word. Verder is besluit om die Raad op Atoomkrag te vra wat die planne met die woonhuis van wyle Dr. Gustav Schoeman Preller is.¹²⁾

3. Vergaderings in 1971.

Op die bestuursvergadering van 3 Februarie 1971 is bekend gemaak dat die eerste, tweede en derde prys in die skooltuinwedstryd onderskeidelik deur die volgende laerskole gewen is: Rachel de Beer, Die Poort, Waterkloof (Engels medium). Sertifikate van verdienste is aan die volgende laerskole toegeken: Danie Malan, Generaal Jacques Pienaar, Irene, Pretoria-Oos, Rietondale Primary, Totiusdal, Voorpos en Voortrekker-Eeufees.¹³⁾

Die jaarvergadering is op 15 April 1971 gehou. In die jaarverslag is o.m. vermeld dat die ordening en indeksering van die argief in 1971 voltooi sou word. In die Melrosehuis is geen kamer vir die Genootskap beskikbaar nie. 'n Gedenkplaat sal aangebring word op die plek waar Jan F.E. Cilliers se huis gestaan het.¹⁴⁾ Verder sou 'n plaat aangebring word waar genl. N.J. Smit se woning gestaan het. Om bewaring te bevorder en sloping teen te gaan, is die volgende tien organisasies se hulp ingeroep: Die Federasie van Belastingbetālersvereniging, die Genootskap Oud-Pretoria, die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, die Krugergenootskap, die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, die Pretoriase Publisiteitsvereniging, die Stigting Simon van der Stel, die Studiegroep van Pretoriase Argitekte en die Transvaalse Proviniale Instituut van Argitekte.

Deputasies na Sy Edele Administrateur S.G.J. van Niekerk in verband met die Ou Nederlandse Bankgebou was nie suksesvol nie. 'n Deputasie na Sy Edele Minister M.C.G.J. van Rensburg (Pos- en Telegraafwese) met betrekking tot die Staatsgimnasium was sonder welslae. Sukses is behaal met betrekking tot die Lewis-en Marksgebou oorkant die ou mark (vandag: Strijdomplein). Die Genootskap bly in noue voeling met die Advieskomitee vir Hoofstadbeplanning en met ander liggeme in verband met die ontwikkeling aan die westekant van Kerkplein.¹⁵⁾

Op die jaarvergadering van 15 April 1971 is 'n aantal gewysigde grondwetartikels aanvaar en is die volgende bestuur vir 1971 verkies: mnr. N.L.P. van der Walt (voorsitter), prof. Dr. P.C. Coetzee (ondervoorsitter), prof. Dr. F.J. du Toit Spies (redakteur), mnr. J.D. Bodel (penningmeester), mnr. J.H. Snyman (argivaris) en mnr. P.O. Kraamwinkel (sekretaris). Lede: mev. Vivian Allen, mnr. T.E. Andrews, Dr. N.A. Coetzee, maj. N.M. Lemmer, mnr. W.J. Punt, mnr. W.S. Robertson en mnr. E. de V. Stegman. Mev. Vivian Allen het 'n lesing oor die vroeë geskiedenis van Pretoria gegee. Sy is 'n kleindogter van mnr. George Heys.¹⁶⁾

In die jaarverslag oor 1970 is o.m. aangeteken:

"Die verdwyning van ou geboue wat reeds landmerke is en historiese en/of argitektoniese waarde het, bly 'n voortdurende bekommernis vir u Bestuur."

Op die bestuursvergadering van 12 Mei 1971 is o.m. getuig dat die komitee insake Kerkplein simpatiek geluister het na die vertoe van mnre. N.L.P. van der Walt, W.S. Robertson en T.E. Andrews op 19 April 1971. Raadslid ds. G.J. Davidtsz verteenwoordig die stadsraad in die bestuur van die Genootskap. Die Genootskap is teen die vernoeming van die Koningin Wilhelmina-laan¹⁷⁾ wat 'n ander naam sou kry.

Die gedenkplaat ter herinnering van Jan F.E. Celliers se woning sal deur die eienaars (mnre. Engel en Ruyter) van die nuwe gebou betaal word. Die koste is R800,00. Die bedoeling is om mev. Stegmann, 'n dogter van die digter, te vra om die plaat in September te onthul, aldus die notule van die bestuursvergadering van 4 Augustus 1971. Die argiefstukke is nou georden en besluit is om al die argiefstukke in bruikleen aan die Transvalse Argiefbewaarplek te skenk. Dit sou 'n "oop versameling" wees.

'n Deel van Strubenkop is, as 'n deel van erf 206 Lynnwood, vir sosio-historiese en parkdoeleindes geproklameer. Die vraag is gestel of die Genootskap belang in verdere ontwikkeling van die terrein stel. 'n Komitee is vir dié doel benoem. Tydens die afwesigheid van mnr. P.O. Kraamwinkel is mnr. J.D. Bodel as tydelike sekretaris benoem.¹⁸⁾

Op die bestuursvergadering van 11 November 1971 is o.m. aangekondig dat die voorsitter en ander bestuurslede uitgenooi

is om die skaalmodel van Kerkplein te besigtig. Verklaar is dat die Genootskap met reg trots was op die pogings om die westelike kant van die plein te red.¹⁹⁾

4. Vergaderings in 1972.

Tydens die jaarvergadering van 13 April 1972 het mnr. Rode die aanwesiges oor die onderwerp "Hedendaagse Pretoria en sy probleme" toegespreek.²⁰⁾

Volgens die jaarverslag oor 1971 was die ledetal op 31 Desember 1971 soos volg saamgestel: Erelede - 15, lewenslede - 38, gewone lede - 161. Die skooltuinwedstryd het soos volg verloop: 1. Laerskool die Poort, 2. Laerskool Rachel de Beer, 3. Laerskool Pretoria-Oos. Tewens is sertifikate aan elf skole uitgereik. Op 15 Oktober 1971 is 'n gedenkplaat aan die woonstelgebou Jan Celliers, Kotzéstraat 166, Sunnyside, aangebring. Mev. M.E. Stegmann, 'n dogter van die digter, het die onthulling verrig. Die geleentheidspreker was die burgemeester, raadslid Dr. G.J. Davidtsz.

Die volgende bestuur is vir 1972 verkies: mnr. N.L.P. van der Walt (voorsitter), prof. Dr. P.C. Coetzee (ondervoorsitter), mnr. J.D. Bodel (penningmeester), prof. Dr. F.J. du Toit Spies (redakteur) (opgevolg deur mnr. H.M. Rex), mnr. J.H. Snyman (argivaris) en mnr. P.O. Kraamwinkel (sekretaris). Lede: raadslid G.J. Malherbe, mnr. T.E. Andrews, Dr. N.A. Coetzee, dr. C.J.P. Jooste, maj. N.M. Lemmer, mnr. W.J. Punt, mnr. E. de V. Stegmann.²¹⁾

Tydens die bestuursvergadering van 24 Mei 1972 is o.m. oor die grootskaalse verandering van straatname gekla. Die Genootskap is nie daarin geken nie. Vroeër was dit, sover lede hulle kan herinner, wel die geval. Die Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur vra die Genootskap voorstelle vir geskikte stadsgebiede en straatname in verband met die herbeplanning van Lady Selborne en Pretoria-Wes.²²⁾

Prof. Dr. F.J. du Toit Spies is op die bestuursvergadering van 25 Oktober 1972 gelukgewens met sy aanstelling as die Republiek se kulturele attaché in Brussel. Aan hom is dank betuig vir sy bydrae en waardevolle werk wat hy oor 'n tydperk van baie jare aan die Genootskap gelewer het. In verband met straatname wil dit voorkom of die Genootskap in die toekoms deur die stadsraad geken sal word in verband met straat- en voorstadbenamings. Mnr. T.E. Andrews en prof. Dr. F.J. du Toit Spies dien in 'n komitee van die stadsraad oor straatname. In verband met die aanstaande vertrek van prof. Dr. F.J. du Toit Spies is besluit om 'n skrywe aan mnr. H.M. Rex te rig om weer redakteur van "Pretoriania" te word.

Die herhaaldelik genoemde ou NZASM-brug sal, in verband met beplande padverbreding, gesloop word. Die stadsraad is gevra dat 'n boog aan die westekant van die spruit behoue sal

bly in die beoogde tuinaanleg.

Krugerdagkranslegging is deur die voorsitter en die sekretaris bygewoon en 'n krans is gelê. Die sloping van die voormalige woning van Dr. C.L. Leipoldt (Mearsstraat 125, 125A) het die vraag laat ontstaan of 'n gedenkplaat aangebring kan word. Mn. Robertson het grafte van gesneuwelde Britse soldate in die Ou Begraafplaas besoek en o.m. vasgestel dat deur verwering belangrike feite op grafstene dreig om verlore te gaan. Dit moet voorkom word. Mn. Andrews beoog om deur middel van die "Boy Scout"-beweging opskrifte van grafstene in die Ou Begraafplaas aan te teken. Dr. C.J.P. Jooste sal probeer om die Voortrekkers hierby te betrek.

5. Vergaderings in 1973.

Na aanleiding van die mededeling van die stadsklerk dat beoog word om 'n uitkykplos op Strubenkop te plaas het die Genootskap, op sy bestuursvergadering van 7 Februarie 1973, verklaar dat die ontwerp by die oorspronklike blokhuiskonstruksie moet aanpas. Die stadsraad is gevra om die terrein te omhein en die materiaal te bewaar. In verband met die benaming Sesmylspruit is die stadsklerk van Verwoerdburg aanbeveel om die bestaande naam tot by die rif op die ou Potchefstrooppad te behou. Verder weswaarts geld die benaming Hennopsrivier. 'n Herdenkingsuitgawe in verband met die vyf-en-twintigste bestaan van die Genootskap word beoog. Besluit is dat Dr. N.A. Coetzee op 9 Februarie 1973 'n krans by die monument van luit.-kol. Henning Pretorius sal lê.²³⁾

Volgens die jaarvergadering oor 1972 is die volgende bestuur vir 1973 verkies: mn. N.L.P. van der Walt (voorsitter), prof. Dr. P.C. Coetzee (onder-voorsitter), mn. J.D. Bodel (penningmeester), prof. Dr. F.J. du Toit Spies (redakteur, opgevolg deur mn. H.M. Rex), mn. J.H. Snyman (argivaris) en mn. P.O. Kraamwinkel (sekretaris). Lede: raadslid G.J. Malherbe, mn. T.E. Andrews, Dr. N.A. Coetzee, Dr. C.J.P. Jooste, maj. N.M. Lemmer, mn. W.J. Punt, mn. W.S. Robertson, mn. E. de V. Stegmann. Op 31 Desember 1972 was die ledetal soos volg saamgestel: erelede - 15, lewenslede - 14, gewone lede - 164. In verband met die skooltuinwedstryde is die eerste prys toegeken aan die Hamilton Primary School, die tweede prys aan die Laerskool Die Poort. Verder is sertifikate van verdienste aan tien skole toegeken.

Die stadsraad het teen restourasie van Strubenkop besluit omdat daar so weinig van die blokhuis oor is. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafe het besluit om Britse militêre grafe op te knap (1880-1881) om verwering teen te gaan. Aangaande die Voortrekkergrafe op Claremont het die Genootskap die begeerte uitgespreek dat dié begraafplaas onder toesig en sorg geplaas word. Die eertydse herehuis van Sammy Marks is

deur die bestuur en hulle gades besoek. Verder is 'n afskeidsfunksie vir prof. Dr. F.J. du Toit Spies en sy gade ten huise van die voorsitter mnr. N.L.P. van der Walt gehou.

Tydens die bestuursvergadering van 2 Mei 1973 is besluit dat die bestuur van die Genootskap op 5 Mei 1973 ondersoek ter plaatse by Strubenkop sal doen. Onderhandelings is met mnr. A.A. Balkema, uitgewer te Kaapstad, gevoer om 'n gedenkuitgawe van "Pretoriania" in boekvorm te publiseer. Beoog word die plasing van artikels en foto's wat in dié tydskrif verskyn het. Mn. Balkema se aanbod is aanvaar.²⁴⁾

Op die bestuursvergadering van 18 Julie 1973 is gerapporteer dat die "British War Office" se antwoord in verband met blokhuisse nog nie ontvang is nie. Indien geen betroubare inligting met betrekking tot Strubenkop ontvang word nie, sal die Genootskap uit plaaslike navorsing moet put. Die stadsraad reken dat restourasie nie die moeite wert is nie. Die Genootskap verskil in dié oopsig. Inspeksie sal ter plaaslike geskied met die stadsraadlid vir dié wyk, mnr. A.F. Aab.²⁵⁾

Mnr. W.J. Punt stel die hou van 'n nasionale konferensie van historiese verenigings voor. Die Genootskap moet die initiatief neem. Mnr. Punt ontvang die opdrag om die aangeleentheid met die RGN, die Stigting Simon van der Stel, die Suid-Afrikaanse Akademie en/of die afdeling Kultuursake van die Departement van Nasionale Opvoeding te bespreek en terug te rapporteer.

In verband met bustoere is verklaar dat daar 'n behoefté aan kort groepstoere oor naweke in en om Pretoria te onderneem bestaan om historiese besienswaardighede te besigtig. Mnre. W.J. Punt, T.E. Andrews en Hermann M. Rex sal die saak bespreek en by die volgende vergadering verslag doen.

Mnr. Andrews dring aan op padwysers by Diamond Hill en Petronella (Britse grafte, Boeregrafte). Die Genootskap sal die aangeleentheid ondersoek en belangstellende liggeme nader om aanduidingsborde op te rig.²⁶⁾

Die volgende bestuursvergadering is op 5 September 1973 gehou. Die sekretaris het mej. C.W. van Rensburg as sekretaresse voorgestel. Bestuurslede mnre. W.S. Robertson, J.D. Bodel, E. de V. Stegmann en T.E. Abdrews het die reeds vroeër genoemde Voortrekkergrafe besoek. Die vraag is wie eienaar van die grond is. Borge word vir die beoogde Nasionale Konferensie van Historiese Verenigings gesoek, aldus mnr. W.J. Punt.

In verband met bustoere het mnr. W.J. Punt verklaar dat die voorbereidendse werksaamhede moet voortgaan. Dergelike toere kan suksesvol wees.

Besluit is dat die stadsraad versoek word dat 'n verhoogde hulptoelae betaal word. Dalk kan ook 'n toelae van die Departement van Nasionale Opvoeding verwag word. In verband met plekname het die komitee van die stadsraad besluit dat 'n deel

van Danville (uitbreiding) na lede van die Staatsartillerie vernoem word en 'n ander deel na Springbokrugbyspelers.²⁷⁾

Op die bestuursvergadering van 17 Oktober 1973 is o.m. genoem dat een van die Voortrekkergrafe te van J.J. Booysen is. Besluit is om 'n proef met bustoere te neem.²⁸⁾

Op die volgende bestuursvergadering (28 November 1973) is besluit om, in verband met Strubenkopfort, 'n afvaardiging na die stadsraad te stuur. Bestuurslede het na die model van Kerkplein gaan kyk. Daar heers onsekerheid oor geboue wat moet bly en dié wat dalk gesloop word. Die Genootskap huldig die standpunt dat belangrike ou geboue gered moet word en besluit om 'n sterk brief aan die regering te rig.

Die Stigting Simon van der Stel het verskillende verenigings in kennis gestel dat die plan in verband met die hou van die Nasionale Konferensie van Verenigings in 1974 geloods sal word. Bustoere is as gevolg van die petroolkwessie op die lange baan geskuif. Toelaes ontvang: R300,00 van die stadsraad van Pretoria; R200,00 van die Departement van Nasionale Opvoeding. Besluit is om aansoek by die Transvaalse Proviniale Administrasie te doen. Mnr. Rex sien nie kans om met "Pretoriania" voort te gaan nie.²⁹⁾

Verwysings.

1. A1266, notule bestuursvergadering, 15.1.1969.
2. Ibid., notule jaarvergadering, 24.4.1969.
3. Die jaarverslag (1968) is gepubliseer in "Pretoriania", nr. 59, April 1969, pp.1-2; "Pretoriania", nr. 60, Augustus 1960, "Charl Andries Celliers", pp.1-3 (met foto).
4. A1266, notuleboek, jaarverslag 1968, "Pretoriania", nr. 59, April 1969, pp.1-2.
5. Ibid., notule bestuursvergadering, 17.6.1969.
6. Ibid., notule bestuursvergadering 27.8.1969.
7. Ibid., notule bestuursvergadering, 5.11.1969.
8. Ibid., notule bestuursvergadering, 4.2.1970. Oor die Staatsgimnasium: "Pretoriania", nr. 61, Desember 1969, prof. Dr. F.J. du Toit Spies, "Nogmaals die Staatsgimnasium", pp.1-3.
9. Die jaarverslag oor 1969 is gepubliseer in "Pretoriania", nr. 63, Augustus 1970, pp.1-4.
10. A1266, notule bestuursvergadering, 9.6.1970.
11. Ibid., notule bestuursvergadering, 12.8.1970.
12. Ibid.
13. Ibid., notule bestuursvergadering, 3.2.1971.
14. "Pretoriania", nr. 65, April 1971, prof. Dr. F.J. du Toit Spies, "Die huis van die digter", pp.1-6.
15. Ibid., nrs. 66-67, Augustus-Desember 1971, "Annual Report 1970", pp. 19-24 (met ledelys).
16. A1266, notule jaarvergadering, 15.4.1971.
17. Ibid., notule bestuursvergadering, 12.5.1971.

18. Ibid., notule bestuursvergadering, 4.8.1971.
19. Ibid., notule bestuursvergadering, 11.11.1971.
20. "Pretoriania", nr. 68, April 1972, Jaarverslag 1971, pp.21-23.
21. Kyk verwysing nr. 20.
22. Ibid., notule bestuursvergadering, 24.5.1972.
23. Ibid., notule bestuursvergadering, 7.2.1973.
24. Ibid., notule bestuursvergadering, 2.5.1973.
25. Ibid., notule bestuursvergadering, 18.7.1973.
26. Ibid., notule bestuursvergadering, 18.7.1973.
27. Ibid., notule bestuursvergadering, 5.9.1973.
28. Ibid., notule bestuursvergadering, 17.10.1973.
29. Ibid., laaste notule in A1266 (deel 1), bestuursvergadering, 28.11.1973.
Eerste notule in deel 2, bestuursvergadering, 13.2.1974.

-○-



Skildery deur 'n onbekende van die ampelike opening deur die Staatspresidente F.W. Reitz van die Oranje-Vrystaat (links) en S.J.P. Kruger van die Zuid-Afrikaansche Republiek (regs) van die spoorbrug oor die Vaalrivier by Vereeniging op 21 Mei 1892; die skildery is vermoedelik kort na die opening gemaak en hang in die eetsaal van die Sammy Marks-huismuseum Zwartkoppies by Pretoria-Oos.

Foto: NASKO




Foto van die Staatspresidente F.W. Reitz van die Oranje-Vrystaat (vierde persoon van links) en S.J.P. Kruger van die Zuid-Afrikaansche Republiek (sesde van links) by die amptelike opening van die spoorbrug oor die Vaalrivier by Vereeniging op 21 Mei 1892. Die heer in wit kostuum regs van President Kruger is generaal Nicolaas Smit, visepresident van die ZAR.
Foto afkomstig van NASKO, Pretoria

AMPTELIKE AANBIEDING VAN DIE JUBILEÜMBOEK "NZASM 100"

In Desember 1988 het die gedenkboek "NZASM 100" verskyn. Die aanleiding was die herdenking in Transvaal van die stigting van die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij, destyds afgekort as ZASM, maar korrek NZASM genoem. Die onderneming is op 21 Junie 1887 te Amsterdam in Nederland opgerig.

Die boek "NZASM 100" is die derde gedenkboek oor die maatskappy. Die eerste het verskyn in 1895 en was getitel "Gedenkboek uitgegee ter gelegenheid der feestelike opening van den Delagoabaaispoorweg. Die tweede gedenkboek het verskyn in 1910 kort na die likwidasie van die maatskappy in 1908 en die titel was "In memoriam NZASM". Dit was 'n terugblik. Albei boeke is gepubliseer deur die NZASM wat 'n oop oog vir sy gunstige openbarebeeld gehad het. Die volledige titel van die onlangs verskene boek lui "NZASM 100, The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company", Pretoria 1988. Die drie skrywers is Dr. G.M. van der Waal, hoofredakteur, van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), R.C. de Jong van die Museumdiens van die Transvaalse Provinciale Administrasie, en Dr. D.H. Heydenrych, eweneens van die RGN. Die boek is gepubliseer deur die uitgewer Chris van Rensburg te Pretoria in opdrag van die RGN en is gesubsidieer deur die RGN, die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) te Amsterdam wat in 1908 na die likwidasie van die NZASM gestig is.

Op 21 Maart 1989 het Dr. Johan Garbers, president van die RGN, 'n eksemplaar van die boek aangebied aan Dr. Anton Moolman, hoofbestuurder van die S.A. Vervoerdienste. Ander aanwesiges in die RGN-gebou te Pretoria was Dr. Bart Grové, vorige hoofbestuurder van die S.A. Vervoerdienste, lede van die RGN-Raad, onder wie Dr. Bok Marais, mnr. W. Simonsz, Ambassaderaad, as verteenwoordiger van die Nederlandse ambassadeur, en die uitgewer, mnr. Chris van Rensburg en andere.

Die drie skrywers het elk 'n kort toespraak gehou. Dr. Van der Waal het in Afrikaans gepraat oor die belang van die boek "NZASM 100" vir die bewaring van die verlede, met name van spoorwegargitektuur en rollende materieel. Hy het die drie bogenoemde instellings bedank vir hul subsidies, en die skrywers en uitgewer vir hul bydraes.

Robert de Jong het in Nederlands, die taal van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die NZASM, die betekenis van die NZASM vir die ZAR uiteengesit. Dr. Heydenrych het in Engels gepraat oor die aktuele betekenis van die boek. Honderd jaar gelede het in Transvaal 'n private spoorwegmaatskappy, die NZASM, langs staatspoorweë in die Kaapkolonie, die Oranje-Vrystaat en Natal verskyn. In die huidige tydperk van privatisering, onder meer van die spoorweë, lyk hierdie toestand teruggekeerd.

In sy dankwoord het Dr. Moolman melding gemaak van die voorname by die S.A. Vervoerdienste om stoomlokomotiewe in bedryf te hou vir bewaring en toerisme en om 'n spoorlyn in die oorspronk-

like toestand terug te bring as 'n museumlyn, volledig met ou stasies, uniforms, apparatuur, rollende materieel ensomeer.

Die uitgewer Chris van Rensburg het gesê dat teen die verwagting in die reklame vir "NZASM 100" 'n groot sukses was. Hy het 'n paar finansiële syfers betreffende hierdie prestigeboek genoem.

Ek merk hierby op dat die opmaak en uitleg van die Gedenkboek van 1895 in ruime mate as voorbeeld vir "NZASM 100" gedien het. Die leser vind in "NZASM 100" talle versierings in die Jugendstil of "art nouveau" van omstreeks 1900, onder meer van die hand van die bekende Nederlandse argitek H.P. Berlage, terug.

Hieronder volg die teks van Robert C. de Jong se toespraak in Nederlands wat ek in Afrikaans vertaal het.

Die betekenis van die NZASM vir die Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekkings.

Op 21 Julie 1897 het direkteur G.A.A. Middelberg van die NZASM in 'n brief uit Pretoria na sy mededirekteur R.W.J.C. van der Wall Bake in Amsterdam gestuur, die volgende min of meer profetiese woorde geskryf:

"Wat hier aan Hollandse elemente is, sal sy gewig in die skaal behou vir die vorming van die nuwe nasie. In die gunstigste geval sal ons 'n sterk Hollandse element behou, ookal sou die (Nederlandse) taal by onderwys, regsspraak en regering na 'n laere plek gedring word."

Die gedagte is belangrik genoeg om daarby 'n oomblik stil te staan. Dit is 'n gedagte wat uitgespreek is toe die betrekkingen tussen Nederland en Suid-Afrika - hoofsaaklik Transvaal - 'n hoë vlug geneem het. Soos bekend is, dateer die betrekkinge reeds uit die jare van die vestiging deur die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) in Kaapstad. Nadat die Kaapkolonie in 1814 vir altyd in Britse hande oorgegaan het, neem die Nederlandse belangstelling vir Suid-Afrika vinnig af. Slegs 'n klein groepie Nederlanders het belangstelling vir die ontwikkeling van die Afrikanervolk bly toon, in die besonder vir die Voortrekkers en die Boerebevolking in die Oranje-Vrystaat en Transvaal. Want hierdie volk is immers beskou as afstammelinge van Nederlandse koloniste in die Kaapkolonie en dit was dus in sekere mate verwant met die Nederlandse volk.

Die Transvalers se onafhanklikheidsoorlog 1880/81 het die stoot gegee tot 'n groot golf van belangstelling in "die stamverwante volk" in Suid-Afrika (lees: Transvaal). Paul Kruger se besoek aan Nederland in 1884 het riglyne gegee vir die wyse waarop die vlaag van geesdrif in konkretere bane geleei kon word. Kruger was 'n versiene leier en het ingesien dat die ontwikkeling van sy land alleen met hulp van deskundige buitelanders - liefs Nederlanders - kon plaasvind. Die Transvalse landsbestuur moes opgebou word om goed en doeltreffend te funksioneer. Daarom het hy tientalle Nederlanders gewerf en as staatsamptenare aangestel. Die onderwys moes ingrypend verbeter word en dus het hy 'n paar

honderd Nederlandse onderwysers ingevoer. En natuurlik moes daar 'n spoorweg kom om die land vir buitelandse handel en kapi-taalinvestering te ontsluit. Daarom is die NZASM tot stand ge-bring. Dit was Nederland se grootste enkele bydrae aan die Transvaalse landsekonomie. Dit was 'n groot bedryf met in 1899 ongeveer 6000 man blank en gekleurde personeel, onder wie 1777 Nederlanders. Dit was veral 'n politieke maatskappy, 'n be-langrike faktor in die ekonomiese, nasionale en Hollanderbeleid. Die NZASM moes dien om Transvaal vir die Nederlandse handel en industrie oop te hou, om die ZAR se leiers op Nederland en Ne-derlanders gerig te hou, onder meer om leweransiers van spoer-wegmaterieel vir die Nederlandse industrie te verseker. Hierin het die NZASM sy doel ten dele bereik.

Die NZASM was 'n NEDERLANDSE maatskappy met ten dele Neder-landse werknekmers. Hy het veel bygedra tot versterking van die Nederlandse element in Transvaal en onregstreeks ook tot die aanknoop van bande tussen Nederlanders en Suid-Afrikaners, onder wie die swartes. Die spoorlyne van die NZASM het die landelike Transvaal met sy agrariese bevolking in 'n kort tyd verander in 'n vinnig opkomende mynbou en nywerheidsland. Daarby het ook die aard van die bevolking verander.

Die Anglo-Boere-oorlog van 1899 tot 1902 het die einde van die NZASM in 1900 gebring, maar nie die einde van die betrek-kings tussen Nederland en Transvaal en later Suid-Afrika nie. Die NZASM het bygedra tot bestendiging van dié betrektings. Toe die NZASM nie meer toegelaat is om sy werk in Suid-Afrika te verrig nie, is in sekere sin die kern van dié betrekings aange-tas. Maar by die likwidasie van die maatskappy in 1908 het 'n aansienlike kapitaal van die voormalige Delgingsfonds van die NZASM oorgebly. Hierdie kapitaal is oorgedra aan 'n nuwe ver-eniging wat in Februarie 1909 te Amsterdam opgerig is. Die doel daarvan was en is die bevordering van die betrekings, onder meer die kulturele, tussen Nederland en Suid-Afrika. Die vereniging is die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland genoem en het in sy naam die inisiale van die NZASM behou. Hy sit eintlik 'n deel van die NZASM se werk voort. Hy het met 'n be-langrike finansiële bydrae gehelp om die uitgawe van die ge-denkbok "NZASM 100" moontlik te maak.

Die NZASM-gedenkboek van 1895 eindig met die woorde: "De nationale spoorweg was een zegen voor land en volk". Ons mag byvoeg dat dit ook 'n seën vir die Nederlands-Suid-Afrikaanse betrekings was.

My wens is dat hierdie boek nie slegs 'n historiese dokument sal wees nie, maar ook hernude Nederlandse belangstelling vir Suid-Afrika sal aanwakker!

C. de Jong

NUWE STADSWAPEN

Onder hierdie opskrif publiseer "Toria", Personeelkoerant van die Stadsraad van Pretoria, in volume 7 no. 6 van Julie 1989 'n aankondiging van die hersiening van die tot nou toe gebruikte, maar inkorrekte stadswapen van Pretoria. Hieronder volg die weergawe van die aankondiging en 'n artikel deur mnr. John Bodel oor die ontstaan van die tot nou toe gebruikte stadswapen.

"Pretoria se Stadswapen was toe al die jare heraldies verkeerd. So het die Raad vir Heraldiek gereken toe hulle aangebied het om 'n nuwe Wapen (hierdie keer korrek) vir Pretoria te ontwerp.

Die nuwe wapen is onlangs deur die Stadsraad goedgekeur. Dit moet egter nog by die Raad vir Heraldiek geregistreer word voordat dit in gebruik geneem kan word. Registrasie sal oor 'n paar maande afgehandel wees en Afdelings sal dan in kennis gestel word.

Die implikasies wat die wysiging van die Stadswapen meebring, is nogal verreikend as 'n mens aan die omvang van die gebruik daarvan dink. Om kostes so ver moontlik te beperk, sal die gebruik van die nuwe Stadswapen oor jare ingefaseer word. Briefhoofde sal byvoorbeeld eers opgebruik moet word voordat nuwes met die nuwe Wapen gedruk word. Dieselfde geld bv. Raadsvoertuie met die Wapen op deure."

Stadswapen.

"'n Paar mense mag dalk vra hoekom dit dan nodig is dat Pretoria se Stadswapen ná al die jare verander.

Soos by alle ander kunsvorme die geval is, verander heraldiese kunsstyle ook met die tyd, soos duidelik blyk uit die feit dat drie verskillende weergawes van die Republiek se Wapen op verskillende tye in ampelike gebruik geneem is.

Die Stadsraad beskik tans oor drie wapenbriewe t.o.v. sy Wapen. Die eerste is op 7 Februarie 1907 deur die College of Arms in Londen uitgereik. Hierop was 'n helm (soos ook in die nuwe wapen) met 'n kasteel bo-op, maar sonder die bokke.

Die tweede wapenbrief, wat slegs vier dae later deur die College uitgereik is, bevat die bokke en die kasteel, maar nie die helm nie. Dié is slegs uitgereik om die posisie van die skildhouers (bokke) aan te dui. Die destydse Stadsraad het dié onvolledige Wapen toe in gebruik geneem. Soos op die foto op pl gesien kan word, was die kasteel 'n entjie gelig bo die skild.

Die derde wapenbrief, wat op 13 Mei 1968 deur die Buro vir Heraldiek uitgereik is, is slegs op die tweede wapenbrief gebaseer en die kasteel is tot op die skild laat sak. In daardie stadium was die Buro nie bewus van die bestaan van die eerste wapenbrief nie.

Die nuwe Stadswapen is dus 'n kombinasie, in moderne heraldiese kunsstyl, van die eerste twee Wapens, en word nou as "volledig" beskou.

Die voetstuk van die Wapen is ook in die proses verander omdat bokke in die moderne heraldiese kunsstyl op 'n stewige fondasie moet staan en nie meer op linte soos wat die gebruik in die laat-Victoriaanse heraldiese styl was nie."

-o-

Nuwe stadswapen van Pretoria



Vervalle stadswapen van Pretoria

Uit: "Toria", Pretoria Julie 1909

THE COAT OF ARMS AND OTHER HERALDIC SYMBOLS
OF THE CITY OF PRETORIA

by John D. Bodel

In the November 1988 edition of "Pretorian" a drawing of Pretoria's coat of arms is depicted.

This coat of arms has an interesting and involved history. The Town Council of Pretoria was constituted in terms of the "Pretoria Municipal Proclamation, 1902" (No. 7/1902). Section 61 by implication granted the Council the right to validate legal documents with a Common (or Great) Seal.¹⁾ In the meantime, though, these documents had to be validated by the signature of either two Councillors or the Town Clerk.²⁾ The cumbersome procedure led to delays and on 20 June 1904 the General Purposes Committee charged the Mayor with obtaining a seal.³⁾ The assumption was that the Civic Arms would be incorporated into the Great Seal. At that stage there was no thought of actually displaying a coat of arms.

Four months later the Mayor, Eddie Bourke, placed "a specimen of the proposed seal" before the Committee, and two days later before the full Council. The blazon (heraldic description) read, a bit enigmatically, "CREST, Rock Rabbit. SHIELD, Bee, Wagon and Mimosa Tree. SUPPORTS, Eland and Kudu. MOTTO: Patientia, Prudentia, Perseverantia".⁴⁾ (See drawing 1.)

This design was provisionally accepted and the designer, W.E. Hortor, a Johannesburg stationer, was asked to prepare a detailed drawing. Meanwhile the Council had second thoughts about the suitability of a rock rabbit or a "dassie", which were conveyed to Mr. Hortor. So, in March 1905, he submitted a drawing of the head of a Secretary Bird, which Dr. Gunning of the Pretoria Zoo had told him was a "peaceful and typical South African bird".⁵⁾

In April 1905 the General Purposes Committee decided in principle to ask the College of Arms in London to do the design,⁶⁾ and in June it decided to send all the available material to the College with a view to their submitting one or more sketches for the seal for the town of Pretoria.⁷⁾

Only on 7 October 1905 did the Town Clerk send Hortor's drafts, sketches also of a lion and a "springbuck" which Hortor had forwarded him with the wry comment "the Heralds College... will design for you heraldic animals what (sic) can hardly be said to be like the animals are in life",⁸⁾ and a photograph of "Wonderboom Poort" to the College of Arms. (Drawing 2A and 2B.) Town Clerk's letter is of interest, as indicating the barrage of suggestions and counter-suggestions to which he had been subjected and the reasoning behind them.

"I am instructed by the Town Council of Pretoria to ask you to submit three or four designs for a Coat of Arms and Seal for this town. The land on which the town is built was laid out in 1855 on the farm Nooitgedacht, and portions of the farms Elands Poort and Daspoort. I enclose a sketch which was suggested for a Coat of Arms but not (sic) adopted, the head of the Secretary bird figuring as a crest being disapproved of, the bird being so destructive to young game. I also believe that a crest is not usually borne by a Municipality. (A common heraldic misconception JDB.)

"Numerous suggestions were made as to what should figure on the shield. Among those which found favour were a buck wagon, a bee, a Mimosa tree, a spring buck, a lion, a view of Wonderboom Poort and so on. Another suggestion was that an eland should figure on the shield, as the town being built on a portion of Elands Poort Farm, it would appear that the large antelope would be appropriate to be prominently represented.

"Of the other suggestions, the buck wagon is one of the old means of transport of the land, now rapidly dying out for want of oxen, and it might find a place on the shield for old association's sake. Two of the principal outlets of the town are called Koedoe's Poort and Quagga Poort, and they might be used as supports for the shield.

"As a motto, the one figuring in the sketch was suggested, but it is not necessary that you should adopt this if, from a Heraldic point of view, one more suitable can be suggested.

"The farm Daspoort derives its name from the daccies (sic) or rock rabbits which must have been there in the early days. All these various fauna are described and illustrated in "Slater's Fauna of South Africa", "Encyclopaedia Britanica" (sic), and in Rowland Ward's book, and I would recommend that the true forms be closely adhered to, as the population is well acquainted with them ..." So the Town Clerk writes.

Clearly, Hortor's remarks had struck home.

Somerset Herald (H. Farnham Burke), to whom the application had been allocated, replied soothingly that he had no doubt "that the views of the Municipality can be met with regard to the design of the arms and crest". He added even more soothingly that "It would be quite right for a crest to be used, as was recently done in the case of the City of Cape Town" - Cape Town had converted a basic coat of arms to a full achievement in 1899. Somerset also asked for £76.10.0.¹⁰⁾

This letter was received on 23 November 1905. The Council voted the money at its next meeting, held on 27 November 1905.¹¹⁾

Next, Somerset Herald sent the Memorial (the application form) to the Chairman of the Council for completion. This letter arrived on 18 January 1906.¹²⁾ On the 19th the completed Memorial, signed by Johannes Gerard van Boeschoten, was on its way to London.¹³⁾

Somerset had not been idle, however. Even before the Memorial form reached Pretoria he sent on 5 January 1906 a draft design, adding these words which are of significance in view of the coat of arms' later history: "I have been officially informed that no objection would be made to the assignment of Supporters to the important Municipality of Pretoria. This would however involve the additional expense of £55, and if you decide to apply for such Supporters, I would ask you to sign the enclosed additional Memorial and return it to me".¹⁴⁾ This action was in conformity with Heraldic practice with important cities, and the Town Council approved the principle of supporters on 16 August 1906.¹⁵⁾

The draft design by the College of Arms was received on 1 February 1906 (see drawing 2). It does not appear to have found much favour with the Town Clerk, John S. van Reesema. Instead of laying it before the Town Council he handed it to E. Maitland Evans of the "Mellaston Studios of Decorative Design and Photography, Pretoria" with the directive to prepare a new design. Maitland Evans, Van Boeschoten and Van Reesema got together to thrash out a design. On 25 May 1906 Maitland Evans forwarded his design,¹⁶⁾ after having been handed the sketch in drawing 3. Maitland Evans' design is drawing 4 and has the motto PRAESTANTIA PRAEVALEAT PRETORIA. It was forwarded on to Somerset Herald on 27 August with two rather embarrassing admissions (1) the motto should have read "PRAETORIA", not "PRETORIA", and (2) the Memorial for supporters had been "momentarily mislaid". The Town Clerk added the following explanation of the symbols: "A green mimosa tree, symbolical of slow growth; thoroughly characteristic of the Transvaal, of its powers of resistance and vitality ... the Coat of Arms of the Pretorius family (sic), i.e. ... a Roman praetor, seated on his curule chair, with the magisterial rods of authority in his left hand ... golden bees symbolical of Pretoria's well repured industry and energy ... on the right a Koedoe (pertaining to the farm Koedoespoort to the east of the Capital), and on the left ... an Eland (as indicating the farm Elandsspoort, on a portion of which Pretoria was laid out)." And then, for good measure he added "The Motto is: 'PRAESTANTIA PRAEVALEAT PRETORIA!'!"¹⁷⁾

A week later the missing Memorial surfaced and was despatched to the Earl Marshal "requesting Supporters".¹⁸⁾

On 1 November 1906 a letter was received from Somerset Herald enclosing "a sketch of the arms, which I think meets all the views which have been expressed in your letters. From a heraldic point of view the result is excellent".¹⁹⁾ The letter was dated 12 October 1906, and the drawing was an abbreviated version of the arms, i.e. without helmet or mantling (drawing 5).

The term of office of the Mayor, Johannes van Boeschoten,

had expired on 31 October 1906 and on 2 November, i.e. a day after the letter and sketch were received, a special meeting of the Council was held to elect new office bearers. Van Boeschoten opened proceedings by stating "that it was his pleasing duty to announce that during his year of office the coat of arms for the Municipality of Pretoria had been completed".²⁰⁾ "The coat-of-arms was handed round for inspection".²¹⁾ Since the design had not yet been officially accepted by the Council, which had not even seen it, this was rather jumping the gun. However, as Pretoria was a small town, the matter may have been privately arranged beforehand, though the time would seem a bit limited for that.

On 12 November the General Purposes Committee approved the design, and on 22 November the full Council.²²⁾ The same day the Town Clerk so informed Somerset Herald and asked him to forward "certificates in connection with this matter".²³⁾ Presumably suppressing a wince at Van Reesema's terminology, Somerset replied "The Patents are being prepared".²⁴⁾

The plural form, "Patents", used here is significant and is the key to the confused and incorrect heraldic usage of the arms over the last eighty-plus years. For on 12 March 1906 a Warrant for the shield and a crest had been issued, but, because of the delay in hitting upon a pleasing design and as a result of that administrative hiccup in Pretoria, for the supporters only on the 19 January 1907. Since there were now two warrants (i.e. orders to perform a task), the College of Arms had perforce to issue two Patents, one for the shield and crest, and another for the supporters. The first was dated 7 February 1907 (drawing 6) and that for the supporters (drawing 7) on 11 February 1907. The first was signed by all the Kings of Arms, the second by Garter alone, as is his prerogative for supporters. On 15 April 1907 the Town Clerk reported that both had been received.²⁵⁾

As can be seen from the two illustrations, on the first Grant (drawing 6) mantling is depicted descending from the crest-wreath which surmounts a helmet. This is how the arms were intended to be used. On the second Grant (drawing 7), the wording reads "Know Ye therefore that the said Garter ... do by these Present grant and assign unto the said Municipality of Pretoria THE SUPPORTERS FOLLOWING that is on the dexter side An Eland, and on the sinister side A Koedoe both proper, as the same are in the margin hereof more plainly depicted to be borne and used for ever hereafter ..." In other words, the second grant depicts merely the supporters, and an abbreviated form of the coat of arms was added to illustrate proportions and lend perspective. The intention was for the illustrations on both grants to be combined to form a complete achievement, with shield, crest, helmet, mantling and supporters (drawing 8).

Unfortunately, this heraldic technicality was not appreciated in Pretoria when the Grants were received, nor the significance of the wording and signature of the second Grant. As a result, the drawing illustrating the supporters was happily taken into use as a complete achievement - it appears on not only Van Boeschoten's "Compliments" slip, but also on the Great Seal and in use it has remained ever since, till it is now firmly entrenched in the minds of Pretorians as being their coat of arms. This is the drawing that appeared in the November 1988 "Pretorian" (No. 94).

This was not quite the end of the involvement of City Council of Pretoria with the College of Arms. For on 8 January 1914 the Municipality obtained a badge of "A sprig of Mimosa proper enfiled with an annulet Or" depicted on a banner (drawings 9-10). However, I have never seen this badge in use. (Or is gold.)

Interestingly enough, something similar happened with the South African coat of arms. The design, granted in 1910, for use on Seals, Shields, Banners, Flags or otherwise, did not sport all the accessories either, nor was it a very pleasing rendition. Dr. Steph van der Lingen "of the University of Cape Town, who was considered an authority on Heraldry, said that it would probably cause the death of a true gemsbok to be confronted with such a representation of himself".²⁶ An improved rendition of the arms was duly prepared by the College of Arms in 1930. Sir Herbert Baker, designing South Africa House, added his criticism and a further, more attractive, "embellished" version was obtained in 1932 and is now in general use. The 1910 version however, still lingers on in the rank badges of Warrant Officers in the South African Defence Force and in the badge of the South African Police.

Now, if the same technique applied to improve the South African coat of arms were to be applied to the arms of the City of Pretoria, a very pleasant, attractive rendition could be attained. At present, the crest and wreath float up in the sky, though on a later version they do indeed rest flat on the shield. But Pretoria, although a most attractive city, is no heaven on earth, as any Pretoria driver will readily testify. Also, at present the supporters are standing on a curlicued ribbon, sarcastically referred to by heralds as "gas-brackets". This last feature encapsulates a piece of cultural history, for in what is politely referred to as an "heraldic aberration", the grass ground they should have been standing on was frequently omitted by the College of Arms for a number of decades before + 1940. So it characterises an artefact of that period.

The coat of arms could be rendered heraldically correct and complete by merely inserting the helmet and mantling between the shield and the wreath, and by having the Koedoe and the Eland stand on a grass ground.

Since the present version of the Pretoria arms is so characteristic of its period of origin, it would be a pity (as well as anachronistic) if the Council were to alter it on existing buildings, vehicles, letter-heads, etc., but as new ones are taken into use they could receive the corrected and complete version (drawing 7), thus giving a historical progression of its development against contemporary backgrounds.

The Blazon or heraldic description of the arms registered by the College reads as follows, with my explanation within brackets:

Arms.

Gules (On a red shield), on a mimosa tree eradicated proper (overlaying a mimosa tree pulled out by the roots, of natural colours), within an orle of eight bees volant, Or (surrounded by eight flying golden bees), an inescutcheon Or (a golden inner-shield) and thereon a Roman praetor seated, proper.

Crest.

A triple-towered castle Or (a golden triple-towered castle). Wreath.

Or and Gules (Gold and red - this implies that the mantling falling from it will also be gold and red).

Supporters.

Dexter an eland and sinister a kudu, both proper (i.e. in their natural colours. This description implies that both supporters are standing on a grass ground, otherwise this would have been specified. Dexter is of course to the observer's left, sinister to his right. Directions are always given as if viewed from the rear).


Motto.

PRAESTANTIA PRAEVALEAT PRAETORIA.²⁷⁾

References.


1. Transvaal Colony Proclamations 1900-1902 (Revised 1904), p.167.
2. Ibid., p.182.
3. General Purpose Committee, minutes 20.6.1904. (Abbreviation G.P.C.)
4. G.P.C., minutes 18.10.1904, Council Minutes 20.10.1904, item 9.
5. Pretoria Municipality, file 33/1533/54/05 6.3.1905 W.E. Hortor Ltd to Town Clerk. (Abbreviation P.M.)
6. G.P.C., minutes 3.4.1905.
7. G.P.C., minutes 26.6.1905.
8. P.M., file 64/2524/54/05 17.4.1905 G.B. Chinery to Town Clerk. He was writing on behalf of Hortor, who was laid low by an attack of lumbago.

9. P.M., file 56/5989/54/11/05 7.10.1905 Town Clerk to Herald's College.
10. P.M., file 89/6958/54/11/05 31.10.1905 Somerset Herald to Town Clerk.
Either the Town Clerk, J.S. van Reesema, was capable of unexpected
humour or he misread Burke's signature - in his reply he addressed
him as H. Hamhand Burke.
11. Council Minutes 27.11.1905 item 18.
12. P.M.; file 10/223/54/06 28.12.1905 Somerset Herald to Town Clerk.
13. P.M., file 47/1245/54/06 14.2.1906 Somerset Herald to Town Clerk:
Acknowledgement of receipt; the outgoing letter is missing.
14. P.M., file 21/500/54/06 5.1.1906 Somerset Herald to Town Clerk.
15. G.P.C., 20.8.1906; Council Minutes 30.9.1906.
16. P.M., file 110/4378/54/06, 25.5.1906 Maitland Evans to Town Clerk.
17. P.M., file 111/4458/54/06, 27.8.1906, Town Clerk to Somerset Herald.
No evidence could be found to substantiate Dr. F.V. Engelenburg's
claim that he designed the arms ("Volkstem" 10.10.1930). However,
there is no evidence that it was ever contested either. It may be
significant that Engelenburg's claim was made exactly 25 years after
the date of the Town Clerk's first letter (reference 9). Also in his
favour is the fact that he was not given to making wild statements.
18. P.M., file 115/4585/54/06, 3.9.1906 Town Clerk to Earl Marshal.
19. P.M., file 10/5663/54/11/06, 12.10.1906, Somerset Herald to Town
Clerk.
20. Minutes, Special Meeting 2.11.1906. In view of the date of Somer-
set's letter, Van Boeschoten was probably technically correct.
21. "Pretoria News", 3.11.1906.
22. G.P.C., minutes Annexures 12.11.1906, p.6; Council Minutes 22.11.1906,
item 8; "Volksstem" 1.12.1906 p.7.
23. P.M., file 15/6091/54/11/06, 22.11.1906, Town Clerk to Somerset He-
rald.
24. P.M., file 1/141/54/07, 15.12.1906, Somerset Herald to Town Clerk.
25. G.P.C., Minutes 15.4.1907.
26. Dr. C. Pama, "Lions and Virgins", citing the "Cape Times", 11.4.1930.
27. Meaning of this Latin device is: May Pretoria be pre-eminent in ex-
cellence. cf. Entry 178 (pp.79-80), South African Armorial, Vol 1
(ed. F.G. Brownell). Bureau of Heraldry, Pretoria, revised edition
Sept. 1988. The motto appears incorrectly as PRETORIA. This is to
be corrected to PRAETORIA in future editions. The entry also gives
a concise review of the protection the arms enjoy under various Acts
and bodies.




Drawing 1


H.W.E. Hortor's design of a Coat of Arms for Pretoria, 1904.



Drawing 2A and Drawing 2B
Draft design of the College of Arms in London for a Coat of Arms for Pretoria, 1906.



*Drawing 3
Sketch design for a Coat of Arms for Pretoria, given by J.G.
van Boeschoten and J.S. Reesema to Maitland Evans, 1906.*



*Drawing 4
Design of Maitland Evans for a Coat of Arms for Pretoria, sent
to the college of Arms in London, 1906.*



Drawing 5

Abbreviated draft of the College of Arms in London of a Coat of Arms for Pretoria, printed on the Mayor J.G. van Boeschoten's compliments slip, 1906.



Drawing 6

Draft by the College of Arms in London of a Coat of Arms for Pretoria, with crest and mantling, but without supporters, 1907.



Drawing 7

The College of Arms grant (second supplementary grant) on 11 February 1907, illustrating the supporters and showing an abbreviated form of the Coat of Arms to indicate proportions, 1907; accepted by the Town Council of Pretoria as the official Coat of Arms and until now in use.



Drawing 8

Complete achievement of the College of Arms in London of a Coat of Arms for Pretoria, with crest and with supporters on grass ground, 1907; this is the example for Pretoria's Coat of Arms as it should be.



*Drawing 9,
Design of a badge of Pretoria on a banner, 1914.*



*Drawing 10,
Contents of the shield on the banner of Pretoria. 1914.*

DIE ARGITEK JOHANNES RIENK BURG, 1874-1961,
SY WERK EN SY VENNOTE
deur Kol. Dr. J. Ploeger

Inleiding

Baanbrekerswerk op die gebied van argitektuur is deur die argitekte van Pretoria in hul werkstukke verrig, aldus Hannes Meiring in sy standaardwerk "Pretoriania 125" (1980).¹⁾

Wyle professor A.L. Meiring het reeds eerder in 1955 in die gedenkboek "Pretoria 1855-1955" 'n hoofstuk aan die stadsbeplanning en die boukuns in Pretoria gewy.²⁾ Nog vroeër, in 1913, het die Pretoriase argitek V.S. Rees-Poole in die publikasie "The City of Pretoria and districts" die argitektuur van hierdie stad in die vorm van beskrywings van destydse geboue geskets.³⁾ Uit Hannes Meiring se werk is die joernalis Dr. Piet Muller se uitlating afkomstig dat die argitektoniese karakter van die vroeë Pretoria in 'n hoë mate deur die gehalte van Nederlanders bepaal is wat deur president Kruger genooi is om die administrasie te help vestig.⁴⁾ Sommige van hierdie Nederlanders is in die Departement van Publieke Werken van die Zuid-Afrikaansche Republiek aangestel. Onder hulle was S. Wierda, departementshoof; K. van Rijssse, argitek; J.B. Wijers, opsigter eerste klas, en J.G. Kraan.⁵⁾ Onafhanklik van hierdie Departement was voor die oorlog van 1899-1902 die Nederlanders Willem de Zwaan, Frans Soff, ingenieur Westenberg van die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) en W.A. de Rapper as argitekte bedrywig.⁶⁾ Vermelding verdien ook die onbekende argitekte wat NZASM-geboue in die hoofstad ontwerp het.⁷⁾

Uit die jare na die oorlog 1899-1902 is die volgende oud-Nederlanders as argitekte bekend. Die firma De Zwaan en Soff, die firma Kraan en Wijers, K. van Rijssse, F. van der Ben en J.R. Burg.⁸⁾ Van die geboue wat tydens die eerste dekades van ons eeu om Kerkplein en elders in Pretoria opgerig is, het prof. A.L. Meiring onder meer verklaar "dat hulle na die voorliefdes wat hul argitekte in boukundige presedent gehad het, ontwerp en uitgevoer is".⁹⁾

Op die gebied van kerklike boukuns het die argitekte Klaas van Rijssse, J.G. Kraan en J.B. Wijers in 1905 die "Grootkerk" van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeente Pretoria in die huidige Bosmanstraat ontwerp. Die laasgenoemde twee argitekte het in dieselfde jaar 1905 die kerkgebou van die Nederduitsch Hervormde gemeente Pretoria in Du Toitstraat ontwerp.

In sy reeds genoemde bydrae beskryf argitek V.S. Rees-Poole die volgende geboue wat tussen 1902 en omstreeks 1913 tot stand gekom het, te wete die spoorwegstasie, die museum aan Paul Krugerstraat, die tans voormalige brandweerstasie, die hoofposkantoor, die Uniegebou, die destydse Goewernementshuis, die hoofgeboue van die destydse Transvaalse Universiteitskollege (TUK, tans Universiteit van Pretoria), die Pretoria Boys' High School en die destydse Normaalskool (later Transvaal Onderwyskollege).¹⁰⁾

Behalwe die paar oud-Nederlandse argitekte wat in Pretoria in die na-oorlogse jare bedrywig was, soos De Zwaan, Soff, Kraan en Wijers, W.A. de Rapper, K. van Rijssen, F. van der Ben, J.R. Burg en andere, is die algemene toon in die jare deur Britse argitekte soos Herbert Baker, Gordon Leith, A.S. Turner en Gordon McIntosh aangegee.

(1) Johannes Rienk Burg, 6 Maart 1874 - 6 Maart 1961.

In die inleiding is die argitek Johannes Rienk Burg, die seun van Daniël Christiaan Burg en sy gade Ynskje Deinema van Leeuwarden in Friesland, Nederland, 'n paar maal genoem. Burg het 'n opleiding as argitek in Nederland gehad en op 21-jarige leeftyd in 1895 na ons land gekom, in diens van die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) getree en onder meer NZASM-stasies aan die lyn van Pretoria na Komatipoort ontwerp.

Toe die Tweede Anglo-Boere-oorlog in 1899 uitbreek, het die jong Burg by die Staatsartillerie van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) aangesluit. Hy is deur die Britte op Belfast gevange geneem en na Fort Ahmednagar in Brits-Indië gestuur. Daar het hy tot die einde van die oorlog op 31 Mei 1902 gebly.¹¹⁾

Na sy terugkeer in Pretoria is Burg in 1903 met mejuffrou Magdalena Stadler van Stellenbosch getroud. Op 4 Maart 1904 het hy saam met argitek Lockwood Hall 'n argitektesfirma te Pretoria gestig. Die vennootskap het nie lank bestaan nie en in 1905 het Burg 'n kantoor in die destydse Alexandragebou aan Kerkplein betrek.¹²⁾

Die jare na die Tweede Anglo-Boere-oorlog was besonder moeilik en die boubedryf was hoofsaaklik tot die bou van huise in die voorstede beperk. In 1911 het Burg sy eie huis in die voorstad Hillcrest aan die einde van Duxburyweg betrek. Hy het gehou van die wye, oop veld en daardie deel van Pretoria was toe nog geheel onbewoon.

Uiters moeilik was ook die jare 1914-1918, want tydens die Eerste Wêreldoorlog is daar weinig gebou. Na 1918 het 'n op-lewing gekom en in 1936 is die firma Burg, Lodge en Burg gestig. Die hoofde van die firma was Johannes Rienk Burg, Clem S. Lodge en J. (Jimmy) S. Burg.¹³⁾

In 1941 het J.R. Burg uit die firma getree en enkele jare later na die Kaapprovinsie getrek. In die gedenkskrif van die firma Burg, Doherty, Bryant en vennote is onder meer in verband met sy werk as argitek verklaar: "Many landmarks of his talent are still to be seen today in the capital (Pretoria), among them the Ou Moedersbond - now the H.F. Verwoerd Maternity Home - and the original Koedoe Arcade featuring Pretoria's first basement".¹⁴⁾

In 1945 het J.R. Burg besluit om in Somerset-Wes af te tree. Daar het hy 'n mooi grasdakhuis gebou en weer 'n kantoor geopen. Hy het in dié jare 'n winkelkompleks, woonstelle en huise in Somerset-Wes ontwerp. In 1953 het sy verlange na sy familielede in Pretoria te groot geword. Hy het na die noorde teruggekeer, in die firma toesig oor die bouwerke gehou en dié werksaamhede tot sy 81ste verjaarsdag volgehou. Hy is op sy 87ste ver-

jaarsdag op 6 Maart 1961 in Pretoria oorlede.¹⁵⁾

(2) Sy werk.

Sommige van J.R. Burg se vernaamste skeppings, soos die Ou Moedersbond in 1933 en die destydse Koedoedeurloop (1934), is reeds genoem. Die Koedoegebou het oor die eerste ondergrondse parkeergarage in Pretoria beskik. Verder het hy verskeie kerke, naamlik in Dullstroom, Belfast en Vrede, en skoolkoshuise op die platteland ontwerp.

In sy aantekeninge het mnr. J.S. Burg onder meer ook vermeld J.L. van Schaik se Libri-gebou, die Lewis-gebou, Amanda Mansions, die Trysa-gebou, die eerste kafeebioskoop in Pretoria, die Salisburygebou, die E & R Mansions, die Hannah Court, die Rose Mansions, die Zuid-Afrikaanse Hospitaal en woonhuise van regters Maritz, Murray en Malan, advokaat Reitz, W.M. Pattison (bouer) en andere.¹⁶⁾

(3) Argitek J.S. Burg en latere vennote. Waardering.

In 1935 het argitek J.S. Burg, seun van J.R. Burg, saam met argitek C.S. Lodge 'n tak van die firma op Springs geopen. Kort daarna het argitek Lodge op versoek van argitek J.R. Burg na die Pretoriase hoofkantoor teruggekeer. In 1941 is met die terugkoms van argitek J.S. Burg na Pretoria die firma Burg, Lodge en Burg gestig. In die jaar 1956 het argitek Tony Doherty tot die firma toegetree. Argitek Lodge is in 1967 oorlede en omstreeks die tyd is die firmanaam in Burg, Lodge & Doherty verander. Omstreeks tien jaar later is die naam in dié van die firma Burg, Doherty, Bryant en vennote gewysig. Argitek J.S. Burg het in 1975 afgetree.

In die gedenkboek is met verwysing na die argitekte J.R. Burg, J.S. Burg en C.S. Lodge vermeld: "The firm still stands on the foundations laid by those three and is today one of South Africa's leading and most respected architectural practices."¹⁷⁾

Argitek J.S. Burg het in sy aantekeninge omtrent sy vader geskryf: "He was known as one of the strictest supervisors in the building trade and all the builders took great pains not to get in his bad books. He was also honest and most professional in his work and always impressed on his young partners the same standards that he upheld all his life."

(4) Ontwerpe en bouwerke.

Aan die hand van die gedenkboek is dit moontlik om 'n weliswaar onvolledige lys van ontwerpe en bouwerke op te stel wat tussen 1904 en 1984 deur die firma geteken en waaroor toesig gehou is. Die lys bevat ongelukkig nie al die jare waarin die ontwerpe vervaardig is nie. Dieselfde geld vir die argitek en argitekte wat sekere ontwerpe vervaardig het.

(a) 1910-1935; die vroeë jare onder J.R. Burg.

Die Nederduits Gereformeerde Kerkgebou op Dullstroom, die NG-kerkgebou op Belfast ('n klipkerk), die Ou Moederbond te Pretoria (1933), die Koedoedeurloop te Pretoria met die Koedoegebou en die eerste ondergrondse parkeergarage.

(b) 1936-1950.

Blokke woonstelle en wonings soos die E & R Mansions te Pretoria, die eerste groot woonstelgebou in Pretoria; die Hannah Court-woonstelle (1937) te Pretoria; die King's Row-gebou in Pretoria; die Malvern House-woonhuis te Pretoria (1941); skole op Springs en elders; nywerheidsprojekte: Boerstra se bakkery te Pretoria; ander geboue: die Salisbury House te Pretoria (1937); die Libri-gebou van J.L. van Schaik, die Lewis-gebou, Amanda Mansions, die Trysa-gebou, Rose Mansions, almal in Pretoria.¹⁸⁾

Verder word die aandag gevvestig op die Impalagebou (1939), die Doeane-gebou (1950), die Ykgebou (1950) en die Van der Stel-gebou (1953).

(c) 1951-1967.

Die hoofkantoor van AVBOB te Pretoria, die Karel Schoeman-gebou te Pretoria; die Frans du Toit-gebou te Pretoria; die poort en kampus van die Wetenskaplike en Nywerheids-Navorsingsraad (1959); die Pretoriase Kunsmuseum (1967); Munitoria (1969). In Pretoriusstraat te Pretoria: die United Bouvereniging-gebou, die Southern Life-gebou, die Merino-gebou, die Wachthuis, die Savelkoul-gebou.¹⁹⁾

(d) 1968-1980.

In dié jare is veral aandag aan nywerheids- en navorsingsprojekte en dergelike gewy. Voorbeeld daarvan is die Pretoria News-gebou (1972), die sterrewagkampus op Sutherland in die Kaap-provinsie (1973), die blommemark op City Deep te Johannesburg (1976), die verbouing en modernisering van die United Bouvereniging-gebou te Pretoria (1982), die Mintyhuis, Nelspruit (1979), die moskee te Nelspruit (1973), die Uplands-skoolsaal te Witrivier.

Van belang is verder die Rank Xerox-sentrum te Isando (1977), die WNNR-konferensiesentrum te Pretoria (1977) en die United Bouvereniging se streekkantoor te Sunnyside in Pretoria (1981), asook die WNNR-kampus se ontwikkeling te Faure in die Kaapprovinsie (1979) en die ontwikkelingsplanne vir Kerkplein, Pretoria. Op die gebied van beplanning word die aandag gevvestig op die beplanning van Guiani, hoofstad van Gazankulu (1986) en van die eiland Argironisos in Griekeland (1971).²⁰⁾

(e) 1981-1983.

Die Volkskas-rekenaarsentrum te Pretoria (1982); 'n kantoor-gebou van die Ou Mutual te Isando (1983); die Koringraadgebou te Pretoria (1983); streekkantore vir United Bouvereniging, die Austin-huis te Pretoria (1982) en die huis Northcliff (1982) en die Ou Mutual-nywerheidspark te Pretoria.

(f) 1984.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank se hoofkantoor te Pretoria.

Verwysings.

- 1) Human & Rousseau, Kaapstad 1980, 131 pp., met afbeeldings.
- 2) "Pretoria 1955", p.148 e.v., met afbeeldings.
- 3) Johannesburg 1913, p.83-94.
- 4) Meiring, p.9 - Dr. Meiring noem ook Wierda, De Zwaan en Soff wat hulle stempel sterk op Kerkplein se geboue afgedruk het.
- 5) "Staats-Almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898"; Pretoria 1897, p.264. Kraan het na 1897 in diens van genoemde Departement getree.
- 6) Meiring t.a.p., verspreide bladsye, behalwe Willem Alexander de Rapper.
- 7) R.C. de Jong, G.M. van der Waal en D.H. Heydenrich, "NZASM 100", Pretoria 1988, p.135 e.v., met afbeeldings.
- 8) Meiring t.a.p., verspreide bladsye; hy vermeld nie Burg nie.
- 9) "Pretoria 1855-1955", p.163.
- 10) "The architecture of Pretoria", p.83 e.v.
- 11) Hierdie en volgende besonderhede is van mnr. J.S. Burg, die seun van J.R. Burg, persoonlik en uit die gedenkboek getitel "Burg, Doherty, Bryant and partners, Architects, town and regional planners", Pretoria - Kaapstad - Nelspruit, Julie 1984, afkomstig.
- 12) Op die plek waar nou die Eerste Nasionale Bank (voorheen Barclays Bank) staan.
- 13) Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het Lodge assistent-argitek in diens van Yskor geword omdat daar weinig werk was; hy het vennoot van die firma gebly. Na die oorlog het hy na die firma teruggekeer. Hy is in 1967 oorlede. In 1953 het hy aan die hoof van die ontwerpers van Munitaria gestaan.
- 14) p.4 - In 1941 het Burg na die voorstad die Wilgers in Oos-Pretoria verhuis waar hy 'n mooi gesinswoning gebou het.
- 15) Mevrou Burg is in 1932 oorlede. J.R. Burg is in 1933 met haar jongste suster getroud. Die egpaar het die opening van die Suid-Afrikahuis in Londen op uitnodiging van hoofargitek J.S. Clelland van die Staatsdepartement van Werke bygewoon.
- 16) Die gedenkboek vermeld op p.4 dat J.S. Burg 'n aandeel gehad het in die ontwerp van J.L. van Schaik se Librigebau, Boerstra se bakkery, die Zuid-Afrikaanse Hospitaal, die Doeanehuis en die Aksynsgebou. Verder was 'n persoonlike projek van J.S. Burg die WNNR-gebou met die opvallende toegangspoort in 1959.
- 17) Gedenkboek, p.3.
- 18) J.S. Burg noem verder: die Zuid-Afrikaanse Hospitaal, die huise van regters Maritz, Murray, Malan, advokaat Reitz, almal te Pretoria, die huis van die bouer W.M. Pattison.
- 19) Die dagblad "The Star" van 5 September 1967 berig: "Clement Scarr Lodge, 57 (years), one of Pretoria's best known architects, died on 5 September 1967. He collapsed in the bus from Jan Smuts Airport. He

designed the Art Museum, Munitoria Building and the buildings of the Council for Scientific and Industrial Research."

- 20) Hierdie bedrywighede - beplanning - val onder twee periodes.



J.R. Burg, stigter van die argitek-teburo J.R. Burg, C.S. Lodge en J.S. Burg.



C.S. (Clem) Lodge



J.S. (Jimmy) Burg



Woonhuis van Mn. W.M. Pattison te Pretoria, ontwerp deur J.R. Burg.



Gebou van die Ou Moedersbond te Pretoria, ontwerp deur J.R. Burg en voltooi in 1933.

UIT DIE GESKIEDENIS VAN DIE NEDBANK (2) -
100 JAAR BANKVAS

Stigting en eerste tydperk van die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika, 1888-1910

deur C. de Jong

“In 1988 was dit 100 jaar gelede dat die Nedbank - eertyds Nederlandsche Bank en Credietvereeniging voor Zuid-Afrika (NBCV) - te Amsterdam gestig is. Die bank het in 1938 sy 50jarige en in 1988 sy 100jarige bestaan feestelik herdenk. 'n Boek oor die bank se geskiedenis is in voorbereiding. Mev. A. Joubert van die Randse Afrikaanse Universiteit en twee ander RAU-studente het elk 'n tydperk van die Nedbank in 'n verhandeling beskryf. Ek is vir die onderhawige bydrae dank verskuldig aan mev. A. Joubert.¹⁾

Die NBCV was na die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) die grootste Nederlandse onderneming in Suid-Afrika. Die NZASM is gestig in 1887 en in 1908 gelikwideoer. Die NBCV het voortbestaan na die Tweede Anglo-Boereoorlog en hom uitgebrei. Hy en die NZASM dank hul oprigting aan 'n oplewing van die Nederlandse belangstelling vir die stamverwante, maar halfvergete Afrikaners in die ver Suid-Afrika danksy die Transvalers se seges in die Eerste Anglo-Boereoorlog 1880/81 oor die magtige Britse ryk. Uit Nederlandse aksiekomitees vir hulp aan Transvaal het in 1881 die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) te Amsterdam ontstaan, wat nog steeds aktief is. 'n Klein aantal vooraanstaande lede het daadwerklik opgetree om die ekonomiese en kulturele lewe in die agtergeblewe Boererepublieke, veral Transvaal, te help ontwikkel. Hulle het onder meer die NZASM²⁾ en die NBCV gestig. By notaris J.C.A. Pollones te Amsterdam is op 21 Junie 1887 die stigtingsakte van die NZASM en op 6 April 1888 - nie toevallig op Stigtersdag nie - dié van die NBCV onderteken.

Die aanleiding tot die twee stigtings was die besoek van die derde Transvaalse Deputasie onder leiding van S.J.P. Kruger aan Nederland in 1883/84. Die Deputasie het drie wense geuit: immigrante, 'n spoorweg vanaf Delagoabaai na Midde-Transvaal en 'n geldskeppende bank om die slegte finansiële toestand in Transvaal te verlig - talle Suid-Afrikaners het destyds 'n oordrewe gunstige verwagting jeans banke vir die oplossing van vraagstukke van kapitaalskaarste en inflasie gekoester.

Die Transvaalse regering het in 1881 begin met die toestaan van koncessies aan stigters van bepaalde bedrywe, wat bepaalde voorregte vir die stigters ingehou het. Hy het die kon sessie vir aanleg van 'n spoorweg vanaf Delagoabaai aan 'n groep Nederlanders - merendeels NZAV-lede - toegestaan. Die groep het in 1887 die NZASM opgerig. Met die bankkoncessie was die moeilikhede nog groter. Die een gegadigde na die ander het hom daarvoor aangemeld - ten minste tien -, gefaal om die nodige kapitaal byeen te bring en verdwyn. So het dit tien jaar lank

voortgegaan. Ook Nederlanders het meegeding, 'n Sleutelfiguur in die finansiële betrekings tussen Nederland en die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) was A.D. de Marez Oyens, hoof van die bankiershuis Labouchère, Oyens & Co, te Amsterdam. Hy het Duitse deelnemers in die NZASM gevind en saam met R.W.J.C. van den Wall Bake, hoofdirekteur van die NZASM, die inisiatief tot stigting van die NBCV met Nederlandse kapitaal geneem.

Dr. E.H.D. Arndt skryf in sy standaardwerk oor die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse geld- en bankwese (1928) op p.373 onder die opsikrif "Holland to the rescue": "At all events Holland had come to the rescue in the midst of the turmoil. While the Transvaal was still bungling along with the granting of the concession for the establishment of a bank, they had acted on their own initiative and placed at the disposal of the Transvaal the facilities of an institution which, though relatively small, is still universally respected."³⁾ Sy uitspraak is heel vriendelik in die lig van die geringe uitbreidingsdrang van die NBCV na 1902.

Die NBCV het meegeding om die bankkonsessie, maar die ZAR-regering wou die konsessie nie aan 'n Nederlandse nie, dog aan 'n Nederlands-Duitse sindikaat toeken, omdat Duitse bankiers meegeding het, hulle groot invloed op die Duitse regering had en die ZAR-regering die Duitse bankiers en Duitse inwoners van Transvaal tegemoet wou kom. Toe het Oyens hom losgemaak van die NBCV, kontak met die Duitse bankiers gelê en met enkele van hulle 'n sindikaat gevorm. Uiteindelik het die ZAR-regering die bankkonsessie in 1890 aan dié sindikaat toegeken. Die "Nationale Bank van de Zuid-Afrikaansche Republiek" het in 1891 met sy werkzaamhede in Pretoria begin.

Daar was toe drie teleurgesteldes: die NBCV wat die konsessie nie gekry het nie, Oyens wat van die 200 aandele in die Nationale Bank teen £2510 slegs 20 ontvang het - blykbaar om die pro-Nederlandse lede van die ZAR-regering tegemoet te kom -, en die ZAR-regering. Laasgenoemde moes afsien van 'n monopolie van die Nationale Bank vir note-uitgifte en van die eksplotasie van 'n muntinrigting deur dié bank; hy moes self die muntinrigting stig en eksploiteer. Bowendien is 140 aandele van die 200 toegewys aan John Henry Schröder and Co. te Londen, bo en behalwe die 40 wat deur die Duitse sindikaatslid Berliner Handelsgesellschaft geneem is. Schröder was van herkoms 'n Duitse bankier, maar in Brittanje gevestig. Na enkele jare het die meerderheid van die orige aandele uit Duitse en Nederlandse besit in Britse hande oorgegaan. Die strewe van die ZAR-regering om 'n nasionale bank vry van Britse invloed tot stand te bring, het dus misluk. Maar die Nationale Bank het hom onder leiding van Britte steeds korrek jeens die ZAR gedra en die belang daarvan behartig, hoewel sy verstandhouding met die ZAR-regering nooit hartlik was nie.

Nadat die bankkonsessie vir die NBCV en daarna gerugte oor sy samesmelting met die nuwe Nationale Bank van die baan was, het die NBCV sy werksaamhede as private handelsbank uitgeoefen. Hy het hom in 1888-1910 en daarna stadiger as ander banke uitgebred

weens depressies tussen 1888 en 1910 en ook weens selfopgelegde beperkings. Die bank het in sy eerste tydperk 1888-1910 en ook daarna met die volgende vraagstukke gekamp.

(1) Bestuursprobleme.

Die hoofbestuur was in Amsterdam gevestig en het tot die Tweede Wêreldoorlog die teuels van die bank se bedryf in Suid-Afrika strak in hande gehou om te waak vir die Nederlandse aard van die bank en teen riskante kredietverlening. Hy het in die kantoor te Pretoria twee hoofagents aangestel. Sy beleid het wrywing tussen die twee hoofagents en tussen hulle en die hoofbestuur in Amsterdam veroorsaak. Een van die eerste twee het spoedig bedank en M. Hogerzel het oorgebly. Hy het te veel ongewaarborgde krediete verstrek en te min weeklikse verslae aan die hoofbestuur versend, en in 1890 bedank. Hy is opgevolg deur die toegegewye E. Kalff wat reeds in 1891 oorlede is, en deur A. Kuipers wat ongeskik vir sy taak was en in 1891 bedank het. Die bekwame eerste hoofdirekteur in Amsterdam, H.L. Calkoen, het daarom in 1890 en 1891 Pretoria besoek, eers in verband met Hogerzel se optrede, daarna weens die bankkrisis in Suid-Afrika 1889/90 en die opvolging van Kalff en Kuipers. Hy het in hul funksie H.C. Jorissen en L.G. Vorstman aangestel. Jorissen was 'n seun van die voormalige staatsprokureur E.J.P. Jorissen en die eerste agent van die kantoor in Johannesburg wat in 1890 gestig is. Hy het hoofagent tot 1920 gebly. Calkoen is helaas in 1892 oorlede en opgevolg deur J.L. Loman van 1892 tot 1908; ook hy was bekwaam en het meermale die bank in Suid-Afrika besoek.

Vorstman het sy tyd grotendeels aan die dinamietmaatskappy gewy sodat Jorissen meestal sy eie gang gaan. Vorstman het in 1900 ontslag geneem en na Nederland teruggekeer. Jorissen is deur die Britse besetter van Transvaal in 1900 uit die land verbann en het in 1902 uit Nederland teruggekeer en sy werk as hoofagent hervat.

Ook die laere bankpersoneel het probleme gegee. Dié personeel was in Suid-Afrika baie skaars en is tot ver in die 20ste eeu ingevoer. Die NBCV het sy werknemers merendeels in Nederland gewerf. Sommige van hulle was van onvoldoende kwaliteit en ander het die NBCV verlaat omdat die direksie jaarlikse salarisverhogings en bonusse afhanklik van die jaarwinste gestel het en verhogings en bonusse derhalwe onseker was. Ook was die salaris-
se by die NBCV nie hoër as by ander banke nie. Vroulike personeel wat getrou het, is ontslaan. Die personeelsverloop by die NBCV was daardeur groot. Daarteenoor het die bestuur steeds aansienlik in siektekoste van sy werknemers bygedra en periodieke verlof toegestaan om oorsee te gaan.

(2) Kapitaalgebrek.

Die bestuur het steeds met kapitaalgebrek gekamp tot na die Tweede Wêreldoorlog, omdat Nederlandse kapitaalbesitters min belang in die NBCV gestel het en die bank in Suid-Afrika slegs in beperkte omvang deposito's kon aantrek weens sy klein aantal tak-

kantore. Die aandelekapitaal is enkele male verhoog, maar tog onvoldoende vir aanhoudende uitbreiding van sake. Die stigtingskapitaal was £2,4 miljoen (£200 000), waaryan £600 000 (£50 000) uitgereik is. Bykomende aandele is in 1889 en 1890 geplaas en in 1897 is die gemagtigde kapitaal verhoog na £4,8 miljoen (£400 000) en die volgestorte kapitaal na £4 miljoen (£333 334). Tydens die na-oorlogse euforie is in 1903 besluit om nog £400 000 aandele uit te gee.

Die verklaring van die slegs beskeie deelname deur Nederlandse kapitaalbesitters in die NBCV is die volgende.

- (a) Die bestuur wou die Nederlandse aard van die NBCV behou en daarom geen beroep op buitelandse kapitaal doen nie. Maar die meeste Nederlanders het reeds voor 1900 hul belangstelling vir investerings weg van Suid-Afrika weer op Nederlands Oos- en Wes-Indië gerig. Hulle is waarskynlik ook afgeskrik deur die onteiening van die grootste Nederlandse onderneming, die NZASM, deur die Britse bestuur in 1900, hoewel die bestuur in 1908 aan die aandeelhouers 'n redelike skadevergoeding betaal het.
 - (b) Die meeste Nederlanders het Suid-Afrika na die Vrede van Vereeniging in 1902 as 'n Britse vrygewes beskou, oorheers deur die Britse sakelewé en imperiale banke, met Britse munt, mate en gewigte en handelsgebruiken. Hulle het daarom Oos- en Wes-Indië onder Nederlandse bestuur 'n veel aantrekliker veld vir belegging en investering gevind.
 - (c) Sommige Nederlanders het nie gehou van die sakentaliteit van talle Suid-Afrikaners wat briewe traag of nie beantwoord nie en hul verpligtings nie nakom nie. Suid-Afrika is eensdeels as 'n Britse gebied en anderdeels as onontwikkeld, m.a.w. as Derde-Wêreldland, beskou.
- (3) Afwezigheid van 'n sentrale bank.

Daar was in Suid-Afrika voor 1921 geen sentrale bank om op te tree as kredietgewer in laaste instansie (lender of last resort) nie. Die skatkis van Transvaal en vanaf 1910 die Unieregering was nie in staat om dié sentrale bankfunksie te vervul nie. Daarom het die NBCV, onder wie J. Postmus, aangedring op stigting van 'n sentrale bank. Maar ook nadat dié instelling sy werk in 1921 begin het, is die kapitaalvoorsiening en werksamehede van die NBCV slegs stadig uitgebrei.

(4) Die NBCV se bedryf.

Die Nederlanders was vanouds 'n volk van kooplui en transporteurs. Die mynbou en swaar nywerhede het in hul land slegs 'n klein plek ingeneem. Die banke in Nederland het daarom voorkeur aan kort krediet gegee en risikantere langtermynfinansiering van mynbou en industrie vermy, in ooreenstemming met Britse en inafwyking van Kontinentaal-Europese bankbeleid. Hulle was egte handelsbanke, geen mynbou- en industriebanke nie. Vir finansiering van onroerende goed - 'n minder riskante bedryf - is in

Nederland net soos elders op die Europese vasteland vanaf die middel van die 19de eeu hipoteekbanke opgerig, hulle het hul geldmiddele hoofsaaklik deur uitgifte van obligasies ("pandbrieven") en nie uit deposito's nie verkry.

Die NBCV het duidelik die stempel van 'n Nederlandse handelsbank gedra. Hy wou hom tot kort krediet aan die handel en landbou beperk en riskantere kredietverlening aan mynbou en industrie in Transvaal strikt vermy. Hy het hom aldus uitgesluit van die baie winsgewende, hoewel spekulatiewe mynbou en hom toegelê op kort krediet vir in- en uitvoer en aan boere. Vir finansiering van onroerende goed in stede en op die platteland het hy die Pretoria Hypotheek-Maatschappij, 'n dogterinstelling, gestig. Hipoteekbanke was en is in Suid-Afrika skaars. Hul taak word hier na Britse voorbeeld deur bouverenigings verrig. Die imperiale banke het die handel tussen Suid-Afrika en sy grootste handelsvennoot Brittanie grotendeels gefinansier. Die NBCV het daarin slegs 'n beskeie plek ingeneem en hom meer gerig op handel met die Vasteland, in die eerste plek Nederland en Duitsland.

Die direksie het spoedig die bankier Blijdenstein te Londen, uit Nederland afkomstig, as sy verteenwoordiger aldaar benoem en twee bykantore geopen. Die eerste was in Potchefstroom, in 'n vrugbare landboustreek geleë. Die tweede is in 1890 in Johannesburg geopen. Pretoria is die bestuurshoofstad van die ZAR, die Unie en die Republiek, maar Johannesburg was die opkomende ekonomiese, finansiële en verkeershoofsentrum danksy die goud- en steenkoolmyne aan die Rand. Die NBCV se tak in die Goudstad het Pretoria spoedig verbygestreef en die winsgewendste tak geword. Te Brugspruit aan die Oosterlyn naby die nuwe koolmyne is ook 'n tak geopen, in 1900 weens die oorlog gesluit, in 1902 heropen en later verskuif na Witbank. Tydens die na-oorlogse sake-optimisme is in Februarie 1903 'n kantoor in Kaapstad - die eerste NBCV-tak buite Transvaal - geopen. En in 1904 het Thomas Cullinan die NBCV as enigste bank toegelaat om 'n kantoor in Cullinan te vestig. As egte bank vir internasionale sake het die NBCV op 1 Julie 1906 'n kantoor in die handelsentrum Londen geopen.

In 1902 het die bank sy lang naam verkort tot Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika (NBZA), in Engels Netherlands Bank of South Africa.

(5) Die bestuur van ondernemings.

Die NBCV was bereid om vir die ekonomiese ontwikkeling van Transvaal maatskappy te bestuur. Hierdie besigheid het hom somtyds in moeilikhede gebring. Die neteligste saak was die dinamietkonsessie. In 1887 het die ZAR-regering aan Edouard Lippert van Duitse geboorte 'n konsessie vir die invoer, vervaardiging en verkoop van dinamiet toegestaan op voorwaarde dat die konsessiehouer spoedig 'n dinamietfabriek sou bou. Lippert het die Zuid-Afrikaansche Fabrieken voor Ontplofbare Stoffen Beperkt, kortweg "De Ploff" genoem, gestig en Lambertus Vorstman, Nederlander en hoofagent van die NBCV, as bestuurder aangestel. Die maatskappy het kantoorruimte van die NBCV gehuur. Hy het 'n monopolie vir verkoop van dinamiet verkry en dinamiet van 'n Franse

Nobelmaatskappy ingevoer, herverpak en met hoë wins aan die myne verkoop en vervaardiging nagelaat omdat dit duurder sou wees. Die NBCV het indirek by De Plof betrokke geraak maar hom finansiële afsydig daarvan gehou.

Die mynbesture, na aanvanklike berusting, asook die Britse en Duitse regerings en ten slotte die ZAR-regering, het teen die beleid van De Plof geprotesteerd. Die ZAR-regering het in 1893 die konsessie ingetrek en 'n permitstelsel met gelyke verdeling van dinamietinvoer tussen Franse, Britse en Duitse vervaardigers ingestel. Hy het Vorstman as sy agent vir die permitinvoer aangewys. Hy het in 1893 die konsessie herverleent aan dieselfde maatskappy, as voorwaarde die vervaardiging van dinamiet gestel en Vorstman as sy kommissaris daarin aangestel. 'n Nuwe maatskappy met dieselfde naam is gestig en Lippert het as sy verkoopsagent teruggekeer. Die nuwe Plof het die dinamiet-prys verlaag, sy verkoopmonopolie behou en 'n fabriek te Modderfontein gebou, maar voortgegaan met invoer in plaas van fabrikasie van dinamiet. Die mynbesture het met proteste aangehou, maar De Plof het lede van die Volksraad en Uitvoerende Raad omgekoop en die Volksraad het in 1899 die konsessie verleng. Die Britse besetter het in 1901 alle konsessies, ook van De Plof, opgehef en Vorstman het na Nederland vertrek.

Die NBCV het van 1889 tot 1895 ook die koerant "De Volksstem" te Pretoria bestuur en Hogerstaat het redaksiewerk verrig. Met Dr. F.V. Engelenburg as hoofredakteur was die koerant pleitbesorger van Kruger se bewind en die vriende daarvan, o.m. die NZASM, en voortdurend haaks met die Engelstalige en Afrikaner-opposisie. Die NBCV wou graag buite die politiek bly en die band met "De Volksstem" het net soos De Plof 'n verleentheid vir hom geword. Hy was bly toe hy die bestuur van die koerant kon oordra aan Engelenburg wat die aandele oorgeneem het.

Dit is merkwaardig dat die reputasie van die NBCV as soliede instelling geen enkele skade gely het ondanks sy verbintenis met De Plof en "De Volksstem" nie.

(6) Die oorlog 1899-1902.

Die oorlog tussen Brittanje en die republieke het die sake tydelik amper tot stilstand gedwing, die mynbou inbegrepe, en ten slotte die republieke in Britse kolonies omskep. Dit het geen beslissende wending in die beleid van die NBCV gebring nie. Die simpatie van die bank se bestuur en personeel was geheel aan Boerekant en personeellede het by die kommando's gedien, maar die bank se gedrag was strikt neutraal en daarom het die Britse bestuur hom gerespekteer en nie teen hom gediskrimineer nie.

By die uitbreek van die oorlog het die ZAR-regering in Oktober 1899 'n moratorium vir betaling van rente en huur deur private persone en instellings - nie van ander geldelike verpligtings nie - afgekondig. Talle ingesetenes het die republieke verlaat en Johannesburg het 'n vrywel dooie stad geword. Die sake van die NBCV en ander banke het daardeur drasties verminder. Die Britte het Johannesburg op 31 Mei en Pretoria op 5 Junie 1900

beset, die moratorium gehandhaaf en die banksake tydelik strikt beperk, maar later geleidelik vrygegee, ook transaksies met die buiteland. Die bedryfslewe en mynbou het geleidelik weer op dreef gekom. Die Britte het hoofagent H.C. en sy vader E.J.P. Jorissen uit Transvaal verban. H.C. het in Oktober 1902 na Pretoria teruggekeer. Hy het die enigste hoofagent geword. Geen tweede hoofagent is weer aangestel nie. Die NBCV het tydelik die Nederlandsche Bijstandsfonds voor Zuid-Afrika geadministreer, maar moes hom hiervan losmaak toe die Britte die fonds van steun aan Boereverset verdink het.

In die loop van 1902, veral na die Vrede van Vereeniging op 31 Mei, het die lewe na normale toestande teruggekeer. Die NBCV het 'n deel van die agterstallige vorderinge geïn en oor 1902 weer diwidend uitgekeer. Hy het die oorlog betreklik goed, altans sonder ernstige verlies, deurstaan. Die NBCV het onder Britse vlag sy sake soos voorheen uitgeoefen, maar Nederlanders buite Suid-Afrika het belangstelling vir belegging in Suid-Afrika grotendeels verloor.

(7) Depressies.

Ekonomiese depressies het dikwels ná hoogtye gevolg en die landsekonomie geskok. Die hewige konjunktuurskommelings het die NBCV - sedert 1902 NBZA genoem - nog versigtiger gemaak sodat hy alle riskante krediete wou vermy. Depressie het ingetree na die spekulatiewe en effektebeursgolf in 1889-90 toe talie lokale banke gelikwiede of deur imperiale banke oorgeneem is -, na die effektebeursoplewing, Jameson-inval en runderpes in 1896, en in 1903-08 na die na-oorlogshoogtye van 1902-03. Laasgenoemde insinking was langer as die voorgaande as gevolg van oormatige sake-uitbreiding in 1902-03, van slechte toestande onder die boere weens die verwoesting in die oorlog, droogtes en plae, gepaard met 'n kort maar hewige depressie in die Verenigde State en Brittanje in 1907-08.

Die banke, ook die NBZA, is gevoelig getref. Die NBZA het in 1888-98 meestal 4 tot 6% diwidend per jaar uitgekeer, in 1899-1901 niks, 1902 en 1903 7% per jaar, 1905 3%, in die orige jare 1904-1909 niks. Weens sy verliese het die bestuur in 1909 finansiell gereorganiseer, die gemagtigde kapitaal afgeskryf van £800 000 na £750 000 en die uitgereikte kapitaal van £400 000 na £240 000, dit is van £100 na £60 per aandeel.

Arndt, wat die klein NBZA simpatiek gesind is, skryf op p.293 van sy handboek: "In this way the Bank again placed itself on a sound footing. Slowly but surely it built up a reserve fund again, it could resume the distribution of modest dividends, and actively during the recent War (1914-18) it maintained a very liquid condition, which received all-round recognition."³⁾

Die NBZA was in 1910 gereed vir hernude uitbreiding. In hoever sou hy die uitbreiding realiseer?

Verwysings.

- 1) Mev. A.M. Joubert, "Die geskiedenis van die Nederlandsche Bank en Credit-Vereeniging voor Zuid-Afrika, 1800-1902", Magisterverhandeling Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg, November 1986.

Dank kom ook toe aan mnr. J.L.A. Pfundt, vroeër sekretaris van die direksie van die Nedbank, vir sy uitvoerige ongepubliseerde werk oor die geskiedenis van die bank. Hy is 78 jaar oud in Augustus 1989 oorlede.

- 2) Kyk die boekbespreking getitel "A third memorial book on the NZASM" en geskryf deur C. de Jong oor die herdenkingsboek "NZASM 100", afgedruk in "Pretoriiana" no. 95, gedateer April 1989, p.39-43.
- 3) E.H.D. Arndt, "Banking and currency development in South Africa 1672-1927", Juta & Co., Cape Town-Johannesburg, 1928.



*Hendrik Christiaan Jorissen, Groningen 1866 — Kaapstad 1949, foto as hoofagent van die NBZA te Pretoria.
Uit: "SA Reserwebank 50"*

DIE BLANKE BOERE IN OOS-INDIË, ONDER WIE DIE LAASTE
AFRIKANERS VAN CEYLON, 1903-1962 (4)

deur C. de Jong

OPKOMS, BLOEI EN ONDERGANG VAN DIE GENERAAL-DE-WETPLAAS

"...die Bittereinders, noodlottig verwond in hul gees, verkanker deur vrees dat die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde die taal van slawe is... Wie sou hulle name kon tel of hul grafte baken tussen die bosse van Tanganika, oor die vlaktes van Argentina OF ELDERS IN DIE VREEMDE waar God hul laaste afsaal bepaal het na vergeefse opstand teen dwinglandy?"¹⁾

Die onderhawige bydrae is gewy aan die stigters van die Generaal-de-Wetplaas te Tjisaroea by Bandoeng op Wes-Java en die geskiedenis van die plaas. Hul name is Louis Hirschland, Christoffel Johannes van Zyl en sy broer Willem Gerhardus van Zyl. Hulle het behoort tot die 22 Bittereinders in krygsgevangekampe op Ceylon (nou Sri-Lanka) wat na die Vrede van Vereeniging nie die verklaring van trou aan die Britse koning wou aflê nie, wat "the Irreconcilables" (die Onversoenlikes) genoem is en nie na Suid-Afrika mog terugkeer nie. Twintig van hulle het een van hulle, kommandant J.G. van Ham, as woordvoerder en leier gekies. Hulle is deur die outhouers van Ceylon as landlopers in die gevangenis Welikada te Colombo gesit. Verskeie van hulle was reeds eerder in dié tronk weens oortreding van streng kampvoorskrifte van ontsnappingspogings. Ten minste vyf van hulle het uit hul kamp ontsnap, maar is weer gearresteer.²⁾

Gelukkig het die regering van Nederlands Oos-Indië hulle en ander Onversoenlikes³⁾ teen die einde van 1902 toegelaat om hulle op Java te vestig. 'n Voordeel was dat hul leier, Van Ham, in Oos-Indië gebore en opgegroei was, sodat hy die taal en die land geken het.⁴⁾ Hulle het in Maart 1903 op die Franse skip 'La Seyne' van Colombo na Tandjong Priok, die hawe van die hoofstad Batavia (nou Jakarta), gevaaar. Hulle is op die skip en by aankoms in Priok as krygshelde geëer. Kort voor en na hul skeepsreis is twee van hulle oorlede. Die 18 oorblywende Afrikaners het hulle as boere gevestig op 'n verlate kinineplantasie van die goewerment by Lembang, ongeveer 20 km noord van Bandoeng. Hulle het die plaas Vrijheidslust genoem. Hulle het 'n soort koöperasie of kibboets gestig en melkveehouery, byery, hoenderteelt en tuinbou uitgeoefen.

Hul lus tot vryheid is begryplik na drie jaar gevangeskap, maar het onvoldoende rekkening met die belang van hul gemeenskap gehou. Die meeste het slegs op hul eiebelang gelet. Spoedig het tweedrag onder hulle uitgebreek. Toe Van Ham as leier die tug wou handhaaf, het vier hom afgedank. Hy het ontslag geneem en na Nederland teruggegaan. Die orige Afrikaners het uiteengegaan, Vrijheidslust verlaat en selfstandige kleinboer op Wes-Java of werknemer op een van die talle plantasies geword. Sommige het na enkele jare na Suid-Afrika teruggekeer.

Die meeste Afrikaners van Ceylon het kleinboer of werknemer gebly en nie opvallend gepresteer nie. Enkele van hulle het middelgroot ondernemers en saken lui geword, met name J.G. van Ham na sy terugkeer uit Nederland op Java en sy vriend en vennoot C.J. Uys; hulle het met sake te Pengalengan 30 km suid van Bandung, onder meer 'n groot beesplaas, begin. Drie Afrikaners het die Generaal-de-Wetplaas te Tjisaroea⁵⁾ by Lembang gestig, van kleinboer tot grootboer geklim en as pioniers van die melkbees- en stoetveehouery in Oos-Indië opgetree. Die besonderhede oor hul lewe en bedryf wat ek opgespoor het, is nogal min, maar voldoende om 'n beeld in groot trekke daarvan te vorm. Die verhaal van die opkoms, bloei en ondergang van hul plaas is 'n boeiende verhaal met 'n ontstellend tragiese einde. Hul name is Louis Hirschland. Christoffel Johannes van Zyl en Willem Gerhardus van Zyl, hierbo' genoem, twee broers.

Louis Hirschland, 1873-1945.

Hy is gebore op 5 Julie 1873 te Heinheim, 'n klein dorp in Westfalen in Duitsland, en was van Joodse afkoms. Hy het in 'n onbekende jaar na Transvaal geëmigreer en hier 'n onbekende beroep aan die Witwatersrand uitgeoefen. By die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 was sy adres posbus 41 te Krugersdorp [en hy het hom aangesluit by die kommando van Krugersdorp onder kommandant F.J. Potgieter,⁶⁾ later onder kommandant Jan Kemp. As lid van dié kommando het hy deelgeneem aan gevegte in Noord-Natal. Hy is gevang tydens die vierde en laaste aanval deur die Britse leer onder generaal R. Buller om Ladysmith te ontset, op die Pietersheuwel op 27 Februarie 1900. Hy is op die stoomskip 'Dilwar' na Ceylon gestuur en in die kamp Dyatalawa ondergebring, waarskynlik as een van die eerste gevangenes in die kamp.

Hy het saam met 'n ander Duitser, Eduard Reinhardt, uit Dyatalawa ontsnap.⁷⁾ Reinhardt was lid van Theron se Verkennerskorps en is op 5 Mei 1900 aan die Vrystaat in die Vrystaat gevang. Hier volg die verslag van die geskiedskrywer van die Boeregevangenes op Ceylon, R.L. Brohier. Dit is ietwat lank, maar kleurryk.

"Two prisoners-of-war, German mercenaries⁸⁾ named Reinhardt and Perschland, did it (d.i. hul ontsnapping) in the right way. They donned their best clothes, made believe they were on parole, and boldly walked out past the sentries who were accustomed to considerable freedom of action on the part of their charges. They went to the railway station and took First Class tickets to Colombo. At tiffin time⁹⁾ they calmly entered the refreshment car and enjoyed a meal in the company of two Government officials of high standing, who ate unsuspectingly at the same table and found their stories and conversation most entertaining. They reached Colombo unquestioned, and their interesting progress 'down'¹⁰⁾ was all that the authorities were able to discuss for a time. Nobody was able to find how actually they got away from this Island. All they admitted when arrested on suspicion at Rangoon was that they had given false names and declined to give their real names."¹¹⁾

Die twee ontsnaptes het blybaar in die hawe van Colombo die Duitse skip 'Goldenfels' aangetref en hulle bekend gemaak aan die kaptein. Hy het hulle aan boord geneem en beloof om hulle via die Britse hawens Rangoon en Penang na die Nederlands-Indiese eiland Sumatra te neem waar hulle vry en veilig sou wees. Hulle het blybaar deur hul suksesvolle ontkoming oormoedig geword en in Rangoon aan land gegaan om te passasier. Die polisie het hulle aangehou en ondervra. Hulle het valse Duitse name opgegee en gesê dat hulle Duitse seelui was. Die polisie het hul sin-jalemente in Madras en Colombo aangemeld, hulle is geïdentifiseer as ontvlugtes en na Colombo teruggestuur op die skip 'Wahda'. Op 18 Desember 1900 het hulle uit Dyatalawa ontkom en op 28 Januarie 1901 was hulle weer in Colombo. Daar is hulle 'n paar dae in die Welikadagevangenis gehuisves en na die halwe strafkamp Ragama gestuur. Hul aanvanklik heel suksesvolle ontsnapping het dus weens hul onbedagsaamheid geheel misluk.

Christoffel Johannes van Zyl, 18..(?) - 1946.

Hy kom helaas nie voor op die gewoonlik volledige en gedetailleerde Britse krysgevangeliste nie. Ons weet dus nie van watter Vrystaatse kommando hy lid was, waar en wanneer hy gevang en na Ceylon gestuur is nie. Hy en sy broer Willem is gebore te Riversdal in die Kaapkolonie, het na die Vrystaat getrek en geboer. Hulle het miskien in dieselfde kamp op Ceylon gebly en hulle aangesluit by die Onversoenlikes wat onder leiding van kommandant J.G. van Ham van Ceylon na Java geëmigreer en hulle in April 1903 op Vrijheidslust gevestig het.

Willem Gerhardus van Zyl, 1880-1940.

In teenstelling tot sy broer is hy op die Britse krygsgevangeliste gevind.¹²⁾ Volgens die lyste is hy gebore te Riversdal in die Kaapkolonie op 18 Julie 1880 en by die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober 1899 was hy 19 jaar oud. Hy woon toe op die plaas Caledonsdraai by Ladybrand in die Vrystaat, waarskynlik by sy ouers. Hy sluit hom aan by die Vrystaatse Staatsartillerie. Hy het blybaar gedien onder majoor Albrecht en is met hom en ander Staatsartilleriste by die oorgawe van generaal P.A. Cronjé se leer by Paardeberg op 27 Februarie 1900 gevang. Die meeste van Cronjé se burgers is na kampe op Sint Helena gestuur, maar Willem van Zyl moes na Ceylon reis, moontlik enkele maande later. Hy het op die skip 'Catalonia' 8 Januarie 1901 te Colombo aangekom.

Hy word vermeld as een van die burgers wat uit die kamp ontsnap het en weer gepak is. R.L. Brohier berig dat hy en J.F. Corbitt saam uit die kamp Dyatalawa weggekom het, maar nie op watter manier nie. Hulle het bedags in die digte bos weggekuip en snags in die rigting van Colombo gestap. Toe hulle kos gedaan raak, moes hulle bedags beweeg, waarskynlik om kos op te spoor. Hulle is opgemerk en die polisie het hulle gearresteer in 'n uitgeputte toestand en teruggestuur na 'n kamp,¹³⁾ moontlik na Ragama, die kamp vir halsstarrige republikeine en weglopers.

Met ander Onversoenlikes, onder wie sy broer Christoffel, het hy na Java gereis en hom op Vrijheidslust gevestig.

Die stigting van die Generaal-de-Wetplaas.

In die begin van 1904 het die 18 Onversoenlike Afrikaners in tweedrag Vrijheidslust verlaat. Hirschland en die broers Van Zyl het hulle saam op 'n verlate koffieplantasie by Tjisaroea nie ver van Lembang en Vrijheidslust nie gevestig. Hulle het die oorgröeide plek skoongemaak, die "Boerderij Generaal-de-Wet" genoem om die Vrystaatse krygsheld te eer, en 'n beesplaas gestig, in die eerste plek om vars melk vir die plaaslike verkoop aan blanke te produseer. In ooreenstemming met hul herkoms het Hirschland as Duitser en Jood die organisasie en sakebestuur op hom geneem en die broers van Zyl het as Afrikaner boereseuns die beeste versorg en gedokter. Hulle het vermoedelik spoedig melkers uit die plaaslike bevolking gehuur. Hulle het aldus 'n deel van die bedryf op Vrijheidslust voortgesit.

Daar was 'n groeiende mark vir vars melk en melkprodukte soos room, bottermelk, jogurt, botter en kaas, onder die toenemende blanke bevolking in stede en dorpe en op plantasies op Java.

Reeds in 'n amptelike verslag uit die jare 1823-30 lees ons: Talle landbouers in die omgewing van die hoofstad (Batavia) hou groot kuddes beeste aan om daeliks melk en botter te verkoop en om die slagpale te voorsien.¹⁴⁾ - Dit lyk goed, maar die bedryf het blykbaar in die 19de eeu nagenoeg verdwyn, want 'n skrywer merk in 1910 op: "Het is wel opmerkelijk, dat op Java, een land met zooveel Europeanen, de koeien zoo goed als niet worden gemolken. ... Thans levert Java nog bijna of in het geheel geen botter of melk."¹⁵⁾

Die hoogland van Wes-Java wat grotendeels deur die distrik Preanger of Priangan ingeneem word, is besonder geskik vir die aanhou van Europese beeste en suiwelboerdery. Dit is 'n vlakte met die jong stad Bandoeng 700 m bo see in die middel, omring deur hoe vulkane waarvan sommige nog werk, soos die Gedeh (2950 meter bo die see), Barangrang (2064 m), Tangkoeban Praoe (d.w.s. omgekeerde prauw of boot, 2096 m), Goenoeng Goentoer (d.w.s. berg, donder, 2209 m) en Papandajan (2622 m). Tussen die vulkane lê klein en groot bergmere. Die spoorlyn en outopad van Batavia (nou Jakarta) na Bandoeng gaan oor die skilderagtige Poentjakpas langs die noordelike helling van die Gedeh. Dit is 'n gebied met veel natuurskoon en 'n digte bevolking.

Die grond is baie vrugbaar danksy die mineraalryke as en modder wat deur vulkane uitgestoot is. Die reënval is hoog, omstreeks 1900 mm per jaar; die reën val merendeels in die maande Oktober-Maart, die nat moesson (monsoon). Die bevolking kweek op uitgestrekte bevloeide akkers, sawahs genoem, rys en mielies. Op talle plantasies wat grootlandbou beoefen, word tropiese gewasse soos suikerriet, tee, koffie en rubber verbou. Die gras groei weelderig en lewer uitstekende weiveld vir beeste. Die temperatuur wissel min van jaargety tot jaargety, maar aansienlik tydens die etmaal, afhanglik van die hoogte bo die see. Die Generaal-de-Wetplaas lê aan die suidelike voet van die Tangkoeban Praoe op ongeveer 1800 meter, die dagtemperatuur is tussen 25 en 30 grade Celsius, maar die nagtemperatuur by nul grade met somtyds ryp.

Die drie Afrikaners het begin met 'n klompie van vyf inheemse beeste en 'n bul wat hulle van die goewermann geleen het.¹⁶⁾ Die melk daarvan is plaaslik verkoop. Die verkoop het goed gaan en hulle het die beesstapel en melkproduksie aanhoudend vermeerder. Sodra hul geldinkomste dit toegelaat het, het hulle Friesbeeste uit Nederland ingevoer om die melkproduksie per koei te verhoog. Hulle het aanvanklik Friesbulle gekruis met inheemse vee en daarna Fries-Hollandse stamboekvee ingevoer om 'n oregteelde Friesbeeskudde te vorm en die melkproduksie per koei op Nederlandse peil te bring. Die swartwit Fries-Hollandse beeste is die ras met die grootste melkproduksie per koei en daarom oor die hele wêreld gewild. Hulle gedy die beste in streke met koel nagte waartydens hulle kan wei. Hoë dagtemperature tot by 30°C hinder hulle min omdat hulle bedags kan rus, by voorkeur in die skaduwee, en herkou. By goeie versorging lewer hulle in die Javaanse hoogland net soos in Nederland ruim 5000 kg melk per bees per jaar.

Om soveel melk te produseer moet hulle behalwe die weiveldgras byvoer, liefs kragvoer, kry. Hulle moet daeliks gevoer en tweemaal gemelk word, voor die Tweede Wêreldoorlog gewoonlik met die hand, want melkmasjiene en elektrisiteit daarvoor was nog nie algemeen beskikbaar nie.¹⁷⁾ Die melk moes gefilter en in melkkanne getap word vir vervoer na die verbruikers. Die diere, stalle en melkgerei moet daeliks sorgvuldig skoongemaak word weens die warm klimaat. Die beeste moet gereeld gedokter en gedoseer word teen tropiese en ander siektes. Die drie Afrikaners het spoedig gewillige en handige plaaslike Javane, mans en vroue, in diens geneem, maar die melkveehouery is 'n intensiewe bedryf. Dit het van almal harde en langdurige werk geëis. Dit was 'n geheel ander boerdery as die ekstensieve beesteelt in Suid-Afrika, waar die melkery gering is en die beeste in die veld rondloop sonder om veel byvoer te ontvang.

Dit is daarom verklaarbaar dat na 'n paar jaar op die De-Wetplaas die broers Van Zyl besluit het om die harde werk te los en terug te gaan na die plaaslewe en die familie in Suid-Afrika. In 1905 keer Christoffel na Suid-Afrika terug. Volgens 'n familie-oorlewing het Willem saam met hom vertrek, maar in Bombaai omgedraai omdat hul reisgeld ontoereikend was vir die verdere reis na Suid-Afrika.¹⁸⁾ Daar word by Christoffel se koms in sy geboorteland net so min as by ander remigrante onder die Onversoenlikes melding van die vereiste verklaring van trou aan Brittanje gemaak; moontlik is die verklaring nie meer verlang nie. Hy het werk as "shaft timberman", dit is mynskagbouer, aan die Witwatersrand gevind. Hy het stellig meermale sy familie in die Vrystaat besoek en daar 'n nooi, Wilhelmina Maria Venter, gevind met wie hy in 1913 te Bloemfontein getroud is. In 1914 is hul eerste kind, Helena Maria Jacoba gebore en in 1919 hul dogter Violet.

In 1922 het die omvangryke, bloedige staking van blanke mynwerkers aan die Witwatersrand plaasgevind. Hulle het die staking verloor en hul eertydse sterk vakbond het talle lede verloor. Die stemming was bedruk en Christoffel het daarom besluit om met

sy gesin Suid-Afrika te verlaat en hom te hervestig op die Generaal-de-Wetplaas. Hy het daar in Januarie 1923 aangekom.¹⁹⁾

Voorspoed.

Inmiddels het Louis Hirschland en Willem van Zyl daar die mas opgekom. Hulle het hul veestapel en grond aanhoudend uitgebried. Hulle het in 1931 ongeveer 700 melkbeeste en ewevel stuks jongvee en stoetbeeste aangehou, grotendeels Fries-Hollandse stamboekvee. 200 hektare was in gebruik om veevoer te kweek,veral olifantsgras, alfalfagras (Arabies-Spaans vir 'n soort lusern) en ander grassoorte. 'n Besoeker uit Suid-Afrika vertel dat die Afrikaners op die De-Wetplaas 'n grassoort uit Suid-Afrika (olifantsgras?) ingevoer het en dat Javaanse knechte voortdurend aangedraf kom met vrakte gras en ander groenvoer aan 'n draagstok (pikol) oor hul skouer vasgemaak.²⁰⁾ Hulle het die grond ten dele van die goewerment gekoop, ten dele in lang erf-pag gekry. Op die bouland was ongeveer 200 inlanders werkzaam met veldwerk en transport van voer na die stalle. Die jongvee het in die weiveld gegraas, die melkbeeste en stoetvee was onderdak omdat hulle daar die beste versorg kon word en nie aan die fel sonskyn blootgestel was nie. In 1931 was ongeveer 250 inlandse mans en vroue besig in en om die stalle met beeste melk en skoonmaakwerk. Die Afrikaners het stoetbeeste verkoop aan die regering en private beestelers. 'n Besoeker vertel dat hulle aan stoetbulle name van bekende staatslui gegee het, soos Smuts, Hitler, Mussolini²¹⁾ - dit was voor die Tweede Wêreldoorlog.

Die drie Afrikaners was die pioniers van die melk- en stoetbeestebdryf in Oos-Indië, hul standaard van melkproduksie en veeversorging was voorbeeldig en hulle het navolgers gekry: ander blankes het ook met die bedryf op Wes- en Midde-Java begin. Die verdienste van die stigters van die De-Wetplaas is in 1922 en 1924 deur die Nederlandse regering erken met 'n koninklike onderskeiding: Louis Hirschland en Willem van Zyl is toe benoem as ridder in die Orde van Oranje-Nassau.²²⁾ Christoffel van Zyl het die onderskeiding nie ontvang nie omdat hy in 1905-23 in Suid-Afrika was.

Perdehouery.

Hy is in 1923 terug verwelkom omdat sy bydrae weens die uitbreiding van die bedryf gewens was. Omstreeks dié tyd is die De-Wetplaas uitgebried met perdehouery - geen perdeteelt nie. Die Koninklijk Nederlandsch-Indische Leger (KNIL) het naamlik gereeld perde vir vervoer van ligte geskut in bergland van die Klein Soenda-eilande, veral Flores, en groter rydiere vir die ruitery uit Australië ingevoer. Die klein, taai perde van Java en die Klein Soenda-eilande is sandelhoutperde genoem, omdat hulle onder meer van Soemba wat ook sandelhout geëksporteer het, ingevoer is. Hulle is reeds deur Jan van Riebeeck en sy opvolgers as goewerneur van die Kaapkolonie daar ingevoer en is die stamvaders en -moeders van die Boereperd en Basoetoepone. Die perde is jonk aangekoop en toegelaat om twee jaar vry te wei voor dat hulle in gebruik geneem is. Die KNIL het die boere op die

De-Wetplaas gevra om die jong perde te laat wei en hulle te versorg.²³⁾ Die boere het graag toegestem weens die inkomste en moontlik ook weens die uitbreiding van grond wat hulle mog verlang. Die regering het naamlik grond aan blanke boere skaars toegeken omdat hy die beste landbougrond vir die inheemse bevolking se voedselgewasse wou bestem.

In sommige jare tussen 1925 en 1935 het ongeveer 2000 perde op die De-Wetplaas gewei. In die jare '30 het die KNIL na motorvervoer oorgeskakel en perde as gebruiksdiere geleidelik uitgeskakel. Teen die einde van die jare '30 was volgens besoekers slegs ryperde van die bewoners van die De-Wetplaas aanwesig.

Die Melkcentrale.

Die Afrikaners het as boere en melkveehouers in die jare '20 navolgers en mededingers gekry. Sommige van die blanke boere op Wes- en Midde-Java het van kleinboer grootboer geword.

Die produksie van vars melk en melkprodukte het omstreeks 1930 dusdanig toegeneem dat sommige van hulle vir prysdaling daarvan gevrees het. Hulle het saam 'n koöperasie, die Bandoeng-sche Melkcentrale, gestig wat hul vars melk teen 'n min of meer stabiele prys aangekoop, vervoer en verkoop aan verbruikers op hom geneem en 'n deel van die vars melk tot melkprodukte verwerk het. Volgens een segsman²⁴⁾ het 'n groot sakeman te Bandoeng wat 'n groot melkvee- en slagveebedryf by Pengalengan 30 km suid van die stad besit het, die inisiatief tot die stigting van die koöperasie geneem. Sy naam was mn. Hoogland. Ook die Generaal-de-Wetplaas was in die persoon van Hirschland in die bestuur van die Melkcentrale verteenwoordig.

In die jare 1930-36 is Oos-Indië deur die Groot Depressie swaar getref, want talle van sy minerale en agrariese uitvoerprodukte het diep in prys gedaal. Desnietemin het die blanke veeboere op Java blybaar min las van die Depressie gehad. Die verklaring is moontlik die volgende: hul produkte is vir die grootste deel gekoop deur blankes en Indo's (Kleurlinge uit huwelike van blankes en Indoneisiërs met Westerse beskawing) wie se koopkrag minder as dié van die inlanders afgeneem het; die gebruik van melk en melkprodukte as vaste behoefté het onelasties geword; die Depressie het na 1936 stadig gewyk, mede deur die prysgawe deur Nederland van die goudstandaard en bygevolg die depresiasié van die gulden en prysverlaging van Oos-Indiese produkte in sterling en VSA-dollars bereken.

Familielewe op die Boerderij Generaal de Wet.

Dit lê voor die hand dat die Afrikaners op die De-Wetplaas 'n gesinslewe wou hê en 'n gesin stig. In Oos-Indië, net soos in ander Europese kolonies oorsee, was blanke vroue skaars en blanke mans het daarom met inlandse vroue getrou of wel 'n informele of sogehete Indiese huwelik gesluit en hul kinders wetlik erken. Die blankes in Oos-Indië het gewoonlik Indoneisische vroue met 'n goeie opvoeding gekies en talle van hul kleurlingkinders het 'n goeie opleiding ontvang en in die samelewing goed gepresteer. Dit geld ook vir die Afrikaners. Louis Hirschland het 'n

vrou van die Soendaanse bevolking op Wes-Java, Mas Pia, as vrou geneem.²⁵⁾ Hulle het 'n dogter, Nannie Lise, en 'n seun Joop gekry. Nannie het getrou met 'n Nederlander, mnr. J. van Stijgeren,¹⁶⁾ en na die Tweede Wêreldoorlog het hulle hulle in Seattle in die Verenigde State gevestig. Joop het dieregeneeskunde in Oos-Indië gestudeer om as veearts op die plaas te help. Willem van Zyl het 'n suster van Mas Pia, Mas Nah genaamd, getrou. Hulle het vir sover bekend geen kinders gekry nie. Mas Pia is voor 1940 aan kanker oorlede.¹⁶⁾ Willem is in April 1940 oorlede.¹⁸⁾ Christoffel en sy Suid-Afrikaanse vrou het na Tjisaroea nog 'n seun, Christoffel, en 'n dogter, Wilhelmina, gekry. Christoffel het sy seun altyd Hertzog genoem na die vereerde leier van die Vrystaters, generaal J.B.M. Hertzog. Die seun het die Hogere Burgerschool te Bandoeng, in 1930 gestig, besoek en in 'n koshuis in die stad gebly. Eers by sy matriek het sy skoolmaats aangesien dat sy doopnaam Christoffel was. Hy het sy matriekdiploma gehad toe oom Willem in 1940 oorlede is en het werk op die plaas aanvaar. Joop het as veearts 'n deel van Willem se werk oorgeneem. Dit het gelyk of die erfopvolging van die Afrikaners op die plaas verseker was. Christoffel het tydens die Japanse besetting van Oos-Indië (1942-45) weens maagkanker siek geword en hy is in April 1946 in die hospitaal te Tjimahi oorlede.¹⁸⁾

Foto's, merendeels van amateurs, vorm 'n welkome aanvulling van die skaars mededelings oor die lewe en bedryf van die Afrikaners op die De-Wetplaas.²⁶⁾ Die foto's gee hul bedryf en familielewe welsprekend weer. Ons sien daarop hulle besig met die inspekteer en versorg van die beeste en perde, as gashere en gastvroue saam met besoekers uit Javaanse stede - byvoorbeeld Th. Ch. Sandrock, die president-direkteur van 'n groot handelsbank omstreeks 1930, 'n Onversoenlike immigrant soos die Afrikaners op die De-Wetplaas -, tydens ontspanning in hul gerieflike, goedemeubileerde huise, die dames getooi in maklike oosterse kleed, en op ritte te perd, byvoorbeeld Willem en Christoffel van Zyl ieder op 'n groot ryperd wat die kinders afhaal van hul skool te Tjimahi om na die plaas te ry, die kinders op Javaanse hitte. Die foto's dateer uit die jare '30 en getuig van welstand, selfvertroue en lewensgenot.

In hierdie jare het die skaars Suid-Afrikaanse besoekers aan Oos-Indië somtyds verneem oor hul landgenote, die suksesvolle oudstryders op die Generaal-de-Wetplaas, by hulle gekuier en met bewondering oor hulle gepubliseer.²⁷⁾

Ons weet nie in hoeverre die bewoners van die De-Wetplaas Suid-Afrikaners gebly het nie. In die huis van Hirschland én Willem van Zyl wat Soendaanse vroue gehad het, was Soendaans, die taal van die bevolking op Wes-Java (nie Maleis nie), en Nederlands die voertaal. In die gesin van Christoffel van Zyl en Wilhelmina Maria Venter, albei Afrikaners, was Hollands-Afrikaans die omgangstaal. 'n Bekende van hulle het my berig dat Hertzog graag Afrikaanse liedjies soos "Sannie met die rooi rokkie aan" gesing het. Die skoolopleiding van die kinders te Tjimahi en op die Hogere Burgerschool in Bandoeng was natuurlik Nederlands. Oor die Afrikaners se godsdienstigheid is niks bekend nie, maar in die algemeen geld dat die godsdienssin in die troepes by die meeste blankes ver-

minder onder invloed van die klimaat en veral van die afstand tot kerkgeboue.

Die Afrikaners op die De-Wetplaas is volgens aan my gestuurde briewe algemeen geag en gewaardeer as krygsnelde uit die oorlog in 1899-1902 wat in Oos-Indië lank onthou is, as bekwame pioniers van die Europese veeteelt in Oos-Indië en as vriendelike, hulpvaardige mense. Na bewering was ook hul betrekings met hul taalryke Javaanse werknemers en met die plaaslike bevolking, aan wie hulle veel werkgeleenheid verskaf het, heel goed. Die Javane het hulle eerbiedig Toean Boer, d.i. Mijnheer Boer, genoem in navolging van die blankes.

Teenspoed.

Vanaf 1938 het die nadering van die Tweede Wêreldoorlog net so dreigend sy skaduwees vooruit gewerp as die Tweede Anglo-Boereoorlog vanaf 1899. Vir Nederland was die groot bedreiging Nazi-Duitsland, vir Nederlands Oos-Indië was dit Japan, 'n ander imperialistiese, fel aggressiewe moondheid. Op 1 September 1939 het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek, eers in Europa, in Desember 1941 ook in Asië. In Mei 1940 het die Duitse leër Nederland beset en tot 1945 het die land 'n besonder drukkende Duitse besetting deurstaan. In Desember 1941 het Oos-Indië aan die pas uitgebroke oorlog teen Japan deelgeneem. In Februarie 1942 het 'n Japanse leër op die noordkus van Java geland, na Batavia en Bandoeng gemarsjeer en in Maart die regering van Nederlands Oos-Indië gedwing om oor te gee. Tot 15 Augustus 1945 was Oos-Indië blootgestel aan 'n Japanse besetting wat so moontlik nog drukkender as die Duitse besetting van Nederland was. Die Japanners het nie slegs 37 000 Nederlandse krygsgevangenes geïnterneer, van wie 23% gesterf het nie, maar ook die meeste burgerlike blankes in Oos-Indië, 90 000 in getal, van wie 13% in slegte kamptoestande gesterf het. Tydens die internering het die meeste kampbewoners al hul besittings buite die kampe verloor.

Die Japanse opmars op Java het sommige blanke boere skade toegebring, maar nie die De-Wetplaas nie. Die Japanners het sommige bewoners van die veerplase geïnterneer, maar boere op groot plase spoedig vrygelaat om weer te boer. Van die bewoners op die De-Wetplaas is alleen Hertzog geïnterneer. Sommige het beweer dat die origes daar gelaat is omdat die drie stigters in 1902 anti-Brits was, maar hierdie verklaring is onaanneemlik, omdat ook die leiers op ander veerplase op hul bedryf gelaat is. Die beste verklaring daarvan vind ek dat die Japanners die produksie van melk en vleis op die plase op peil wou hou omdat hulle daarvan wou profiteer. Die blanke boere moes swaar belasting in geld en natura betaal, net soos die inheemse bevolking, en onder meer slagbeeste lewer. Die boere het in die oorlog gekamp met gebrek aan vervoer, gereedskap, klerasie, skoiesel, medisyne en vervoer van hul produktes, maar hulle het geen honger soos die geïnterneerde gely nie, hulle was vry en het die oorlog redelik goed deurstaan en die grootste deel van hul vee behou.

Tydens die Japanse besetting het ander dreigende wolke vol nuwe gevare oor Oos-Indië saamgepak. Die Japanse besetters het

daar 'n sterk nasionalistiese beweging van Indoneisiërs wat vry van Nederland wou wees, aangetref. Die Japanse besetter het die nasionaliste teen blankes, veral Nederlanders, aangehits, 'n onafhanklike republiek na die Japanse oorwinning, vry van Nederland maar onderdanig aan Japan, beloof, jong nasionaliste, pemoeda's genoem, in paramilitêre organisasies gedrill, van primitiewe wapens soos kapmesse en bamboesspere, voorsien en geleer om in koor "Merdeka" (vryheid) te skreeu.

Op 15 Augustus 1945 het Japan onverwags gekapituleer en op 17 Augustus het nasionalistiese leiers in Djokjakarta op Java die Republiek Indoneisië uitgeroep. Die nuwe republiek het baie min mag en gesag gehad en die geallieerde troepe het eers laat in Oos-Indië aangekom om die gesag van die Japanners oor te neem en om die gevangenes te bevry en te repatrieer. Die eerste Britse troepe het eers in Oktober by Batavia geland en na Bandoeng gemarsjeer, en die eerste Nederlandse troepe het eers in Maart 1946 gekom, omdat Nederland eers in Mei 1945 van die Duitse besetting bevry is. Daar het in Oos-Indië 'n gesagsleegte ontstaan, waarin die pemoeda's geroof en gemoor het. Weldra het die Indoneisiëse nasionaliste, onder wie die pemoeda's, hulle gekeer teen alle vreemde militêre en blankes, en duisende vreemde soldate, blankes in en buite interneringskampe en Indoneisiërs wat van samenwerking met vreemdelinge verdink is, vermoor. Die donker tyd van die Japanse besetting is in 1945 gevolg deur 'n chaotiese, wettelose, nog verskrikliker tydperk van Indoneisiëse terrorisme.

Ondergang.

Op die please van blanke boere by Bandoeng het sommige betyds voor die terroriste na veilige plekke waar geallieerde troepe was, gevlug, ander is op hul please betyds gered deur die Britte se opmars van Batavia na Bandoeng - verder wou die oorlogsmoeë Britte nie opruk nie. 'n Derde groep het op hul plaas gebly en die gevare getrotseer. Onder hulle was die bewoners van die De-Wetplaas. Daar was Willem van Zyl in April 1940 oorlede, gevolg deur Mas Pia en Mas Nah. Christoffel was ernstig siek aan maagkanker en is oorgebring na die hospitaal in Tjimahi. Sommige dogters is getroud en het die plaas verlaat. Nannie Hirschland is getroud met mnr. J. van Stijgeren en hulle het Oos-Indië verlaat en woon in 1988 te Seattle, VSA. Helena van Zyl is op 11 Desember 1941 'n paar dae na die begin van die oorlog teen Japan te Bandoeng getroud met mnr. E.J.D. Nagelgast, gebore op 20 Oktober 1912 te Amsterdam en destyds by die Nederlands-Indiese lugmag. Huile het op 5 Maart 1942 in 'n vliegtuig van Andir by Bandoeng na Australië weggekom. Hy het in die oorlog as boordwerkligkundige by die lugmag in die Verenigde State en Australië gedien. Hy het op 9 Januarie 1946 in Batavia aangekom en is aangestel as hoof van die aanskafafdeling van die KNIL.^[18]

Violet van Zyl, Christoffel se tweede dogter, het verpleegster geword en haar met haar eggenoot na die oorlog in Nederland gevestig. Mnr. Nagelgast het my oor Herzog van Zyl meegedeel:

"De Japanse opzichter op de boerderij (Generaal de Wet) heeft Herzogelke week (in het interneringskamp) opgezocht en hem 'n

mand met levensmiddelen gebracht, zodat hij de gevangenschap in 'n lichamelijk goede toestand overleefd heeft.¹⁸⁾ Na die oorgawe van Japan het hy die konsentrasiekamp verlaat en enkele weke die bevriende familie Nagel op hul naburige plaas gehelp. Daarna het hy na die De-Wetplaas teruggegaan. Daar het hy Louis en Joop Hirschland en sy moeder Wilhelmina Maria van Zyl-Venter aangetref.

Die bewoners van die De-Wetplaas het gebly in vertroue op hul goeie betrekkings met die plaaslike bevolking. Het Louis Hirschland se baie optimistiese aard wat hom verlei het om op Ceylon te ontsnap en in Rangoon aan land te gaan, hulle beïnvloed? Pemoeda's van elders, nie uit die plaaslike bevolking nie, het in Oktober of November 1945 op hulle toegeslaan. Hulle het Louis en Joop op die plaas vermoor, na bewering doodgeskiet, en op die plek begrawe. Hertzog het probeer om te vlug, is elders gепak en doodgemaak en op die plek begrawe. Mevrou Van Zyl-Venter is as gesysselde saamgeneem en na maande gevangeskap deur die nasionaliste vrygelaat. Sy het in 1948 na Suid-Afrika teruggekeer.¹⁸⁾ Verskeie geboue op die plaas is verwoes en die beeste is weggedryf of geslag. Dit was die tragiese ondergang van die bloeiende Boerderij Generaal de Wet.

Daar is 'n sage oor die heldhaftige einde van die Afrikaners op die De-Wetplaas wat ooreenstem met hul naam as Bitterreinders en Onversoenlikes. Volgens die sage het hulle tevergeefs die Britte om hulp gevra toe hulle aangeval is, en het hulle die lank heldhaftig geveg voordat hulle deur die pemoeda's oorweldig is.²⁸⁾

Daar was nog 'n sombere naspel. In Desember 1945, voor die aankoms van militêre uit Nederland, het 'n afdeling van 100 tot 150 KNIL-soldate uit Japanse krygsgevangekampe, bestaande uit Ambonnese en Timorese, posisie op die Generaal-de-Wetplaas ingeneem om die streek teen terroriste te beveilig. Hul offisiere was Nederlanders, 'n eerste luitenant en drie vaandrigs. Ondanks die ellende in die gevangekampe het hulle moedig opgetree en twee aanvalle van pemoeda's afgeslaan en hulle agtervolg. Een van die vaandrigs was H. Obdeijn, tans luitenant-kolonel (buite diens). Hy het my berig oor sy verblyf op die plaas. Dit was toe verlate en sommige geboue was verwoes.²⁹⁾

In die jaar 1946 het 'n opsporingsgroep onder bevel van kaptein Gawi van die Nederlandse ekspedisieleer op die De-Wetplaas die liggame van Louis en Joop Hirschland gevind, opgegrawe en gefotografeer. Ek sal die lesser die gruwelike foto's bespaar. Hul stoflike reste is in een kis deur vriende - onder wie mnr. Willem Nagel en sy eggenote - onder toesig van kaptein Gawi plegtig herbegrawe in die openbare Pandoebegraafplaas te Bandoeng. Louis is herken aan sy groot wit baard. Die kis was bedek met die oranje-wit-blou vlag van die Unie van Suid-Afrika as eerbewys aan hul aankoms uit Suid-Afrika.³⁰⁾

Wat het van die ander bewoners van die De-Wetplaas geword?

Christoffel van Zyl se oudste dogter Helena het met haar eggenoot mnr. E.J.D. Nagelgast uit Nederland op 5 Maart 1942 na Australië ontkom soos bo gemeld is. Hulle het reeds op 5 April

1942 per skip na die Verenigde State (VSA) vertrek. Hy het daar as lugmagtegnikus te Jackson in Missouri gewerk. Hulle het na Australië teruggegaan en van 14 November 1943 tot sy groot verlof in Januarie 1945 het hy as lugmagtegnikus in Australië gewerk. Hy het daarna by die burgerlugvaart in Australië gewerk, wagtende op vervoer na Suid-Afrika. Op 15 Augustus 1945 het Japan oorgegee en hulle het op 9 Januarie 1946 in Batavia aangekom en Java besoek. Hulle het per skip 'Bloemfontein' van Brisbane na Rotterdam gevaa en daar op 25 Augustus 1946 aangekom. Op 17 Februarie 1947 het hulle per skip 'Jagersfontein' in Kaapstad aangekom en hulle in Johannesburg gevestig. Mnr. Nagelgast het daar sy tegniese loopbaan voortgesit. In 1949 is sy eggenote in die Queen Victoria Maternity Hospital te Johannesburg oorlede. Hy het met sy agtjarige dogter agtergeble en hertrou. Hy woon nou nog in Johannesburg.

Sy skoonmoeder, Wilhelmina Maria van Zyl-Venter, weduwee van Christoffel, het na haar gyseling deur die pemoeda's na Suid-Afrika teruggekeer; dit was in Oktober 1948. Sy het 'n rusteloze lewe gele, gebly by haar oudste dogter, mev. Nagelgast in Johannesburg, na die oorlyde van haar dogter by 'n nig in Uitenhage, terug na Johannesburg, by haar dogter Violet wat haar na die oorlog met eggenoot en kinders in Den Haag, Nederland, gevestig het, en terug na Suid-Afrika.¹⁸⁾ Plek en datum van haar oorlyde is my onbekend. Moontlik moet haar rusteloosheid verklaar word uit 'n trauma wat sy van haar verskriklike belewenisse op Java in 1945 behou het.

Die volgende en laaste bydrae in die onderhawige reeks sal handel oor die ander blanke boere in Oos-Indië en oor die laaste van die Mohikane, die langslewende Onversoenlike O'Brien.

- o -

Naskrif betreffende Christoffel van Zyl.

Op die Britse lys van Boerekrygsgevangenes op Ceylon in 1900-01 kom slegs een persoon met die naam Christoffel Johannes van Zyl voor. Hy sou dus die Onversoenlike met die naam moet wees. Daar is egter 'n ongerymdheid: die Britse lys gee sy leeftyd in 1900 as 36 jaar aan. Dit kan ten aansien van die Onversoenlike nie juis wees nie, want volgens foto's van hom uit die jare '20 was hy veel jonger. Volgens sy skoonseun, mnr. E.J.D. Nagelgast in Johannesburg, was hy by sy oorlyde in 1946 ruim 60 jaar oud en was hy 'n paar jaar ouer as sy broer Willem Gerhardus, wat in 1900 21 jaar was. Christoffel is vermoedelik omstreeks 1875 gebore tegelyk met sy tweelingbroer Hendrik wat in die Vrystaat gebly het, en hy was dus in 1900 ongeveer 25 jaar.

Die Britse lys deel oor Christoffel J. van Zyl as orige feite mee: Adres die plaas Brakwater, distrik Winburg (OVS); kommando/veldkornetskap Onder-Wittebergen; gevang by Fouriesburg (Brandwaterkom) op 30 Julie 1900 (dag van oorgawe deur generaal Marthinus Prinsloo). Sy krygsgevangenommer was 9409. Die orige feite lyk aanneemlik.

Verwysings.

- 1) Voublad "Burgergedenkteken Platrand Ladysmith", sonder jaar.
- 2) Willie Hefer noem in sy oorlogsherinneringe 1899-1902 in "Aanhangsel D" in J.N. Brink, "Oorlog en ballingskap", Nasionale Pers, Kaapstad ens. 1940, p.262, Louis Hirschland, Tielie Roos en Willie Hefer, maar sy herinneringe is nie orals betroubaar nie. R.L. Brohier, "The Boer prisoners of war in Ceylon, 1900-1902", in "Journal of the Dutch Burgher Society of Ceylon", volume 37 nr. 4, Colombo, April 1947, p.32-33, vermeld as ontsnaptes wat weer gearresteer is: Louis Hirschland en Eduard Reinhardt saam en W.G. van Zyl en F.J. Corbitt saam. J.R. Bothma se eie verhaal van ontsnapping kan nie bevestig word nie.
- 3) Die 21ste Onversoenlike wat toegelaat is om van Ceylon na Oos-Indië te emigreer en wat geen boer, maar bankklerk geword het, was Theodor Christoph Sandrock. Kyk die artikel van C. de Jong, "Die blanke boere in Oos-Indië, onder wie die laaste Afrikaners van Ceylon, 1903-1962, Theodor Christoph Sandrock, 1882-1953", in "Pretoriania" no. 93, April 1988, p.53-65.

Onlangs het ek 'n 22ste Onversoenlike, wat Ceylon nie verlaat het nie, opgespoor. Hy was Henry E. Engelbrecht van die plaas Strydfontein in die distrik Bethulie in die Oranje-Vrystaat, in 1900 32 jaar oud, lid van die kommando/veldkorнетskap Grootrivier (tweede naam van die Oranjerivier) wat Bethulie skei van die Kaapprovincie, op 30 Julie 1900 as behorende tot die leer van generaal Marthinus Prinsloo by Fouriesburg gevang en na Ceylon gestuur, aldus inligting van mej. E.M. Wessels, Oorlogsmuseum, Bloemfontein. Sy krygsgevangenommer was 9607. R.L. Brohier, "The Boer prisoners-of-war in Ceylon", t.a.p. verwysing 2 p.50, berig 'n paar besonderhede oor Engelbrecht se verblyf op Ceylon wat hy blybaar nie wou verlaat nie, maar waar hy 'n armoedige bestaan gelei het.

S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902", ongepubliseerde proefskrif Bloemfontein 1975, haal op p.560-561 uit Brohier aan: "In Ceylon het uiteindelik een krygsgevangene, 'n Vrystater, H.E. Engelbrecht, agtergebly. Onder jammerlike omstandighede het hy hom in Hambartota gevwest waar hy op 25 Maart 1922 oorlede is. Van hom skryf R.L. Brohier: 'Beyond the wild, relentless waters of the Styx (Doodsrivier by die ou Griekse wat die wêreld van die lewendes skei van die onderwêreld waar die afgestorwenes vertoeft) the turbulent spirit of the last man in 5000 who would not compromise, had found eternal rest. A simple inscribed stone in the Hambartota cemetery marks the spot where his mortal remains were buried. In this setting the rhythmic beat of sea on shore, and the sooughing winds of the open spaces sound a continuous dirge. Their mournful murmur echoes the yearning of these exiles whose misty eyes were strained on every hill and glade of green:

...still anguish keen
did once again a fresh hold take,
the dear dead voices of the veldt awake
that might have been."


Brohier het hierdie gedig getitel "Exile" in sy digterlike geïnspireerde "In memoriam" vir die laaste Onversoenlike op Ceylon oorgeneem uit

die kampkoerant "Dyatalawa Dum-Dum", datum onleesbaar. Blykbaar het Engelbrecht vriende gehad wat 'n grafsteen vir hom bekostig het as die laaste eer aan 'n Onversoenlike oudstrynder.

- 4) Kyk oor die afkoms en lewe van J.G. van Ham: C. de Jong, "Die blanke boere in Oos-Indië (ens.)" in "Pretoriana" no. 95, April 1989, p.58-60.
- 5) Tjisaroea was die spelling voor die jongste spellingshervorming van Bahasa, voorheen Maleis genoem, en word nou Cisarua gespel. Tegelyk is Djakarta, voorheen Batavia, verander in Jakarta, Soerabaja in Surabaya, Bandoeng in Bandung, Buitenzorg in Bogor ensomeer. Ek gebruik in die onderhavige bydraes oor "Die blanke boere in Oos-Indië" die ou spelling wat by die Nederlanders in Oos-Indië gangbaar was.
- 6) Kyk oor kommandant Frederik J. Potgieter: F.V. Engelenburg en G.S. Preller (red.), "Onze krijgs-officieren", uitgawe "De Volksstem", Pretoria 1904, p.147-148.
- 7) Besonderhede oor Eduard Reinhardt - deur Britte somtyds Reichardt gespel - is my verstrek deur mej. E.M. Wessels, Oorlogsmuseum, Bloemfontein, wat my ook oor ander krygsgevangenes ingelig het, waarvoor my groot dank. Eduard Reinhardt se adres was by die begin van die oorlog Twiststraat, Johannesburg; hy was by die veldkornetskap Theron's Scouts, d.i. Transvaalsche Verkennerskorps (TVK); hy is 29 jaar oud gevang by die Vetrivier op 5 Mei 1900 en op 18 Julie 1900 na Ceylon gestuur; sy gevangenommer was 2915.
- 8) Die Britte het die buitelandse vrywilligers by die Boerekommando's algemeen "mercenaries", d.w.s. huursoldate, genoem, maar dit is onjuis, want die buitelandse vrywilligers by die Boerekommando's het nooit geldelike vergoeding ontvang nie.
- 9) Tiffin is 'n ligte noemnaal of middagete.
- 10) Down beteken van Dyatalawa in die hoogland van Midde-Ceylon omlaag nadie kus.
- 11) R.L. Brohier, verwysing 2 t.a.p.
- 12) Inligting van mej. E.M. Wessels, Oorlogsmuseum te Bloemfontein. Haar inligting lui: "Willem Gerhardus van Zyl, krygsgevangenommer 6850, se adres was Caledonstraai, Ladybrand, en hy gee sy kommando/veldkornetskap aan as Artillerie Bloemfontein, toe hy op 27 Februarie 1900 te Paardeberg gevang is."
- 13) R.L. Brohier, "The Boer prisoners-of-war in Ceylon", t.a.p. verwysing 2, p.32-33, berig oor hierdie ontsnappingspoging: "Two others were less smart, did it in the wrong way. They were W.G. van Zyl and J.F. Corbitt. Hiding by day and wandering seemingly blindly by night they took three days and were beaten back by leeches and forced into the open. While on the way to give themselves up to a military patrol, they fell in about 6 miles on the Haputale side of Ohiya with Mr. Sydney Herlt, a plate laying inspector, and his gang of labourers, who had been notified of the escape of two prisoners-of-war and wanted to be on the lookout for the escapees. The Boers, who were very hungry and tired and could hardly walk, made no attempt to evade arrest." "Plate-laying" beteken hier die lê van spoorstawe.

- 14) Die verslag heet "Staat van den landbouw op Java onder burggraaf Du Bus de Gisignies", goewerneur-generaal van Oos-Indië 1823-1830, p.63, aangehaal deur H. ten Hage, "Economische beteekenis der veehouderij op Java" in "Tijdschrift voor Economische Geografie", jaargang 1910, Den Haag, p.248.
- 15) H. ten Hage, t.a.p. verwysing 14, p.248.
- 16) J. van Stijgeren, "Afrikaanders bij Lembang", in "Moesson, Onafhankelijk Indisch tijdschrift", jaargang 30 no. 8, Den Haag, december 1985, p.17, belangrike artikel van Louis Hirschland se skoonseun, getroud met Nannie Lise Hirschland.
- 17) J. van Stijgeren, "Afrikaanders bij Lembang", t.a.p. verwysing 16 skryf: "Een elektrische installatie kon in geval van nood worden ingeschakeld, doch het handmelken werd geprefereerd." Redes vir die voorkeur vir handmelk was moontlik die hoëre melk- en melkvetopbrengs en die geringere eise van higiëne vergeleke met masjinaal melk.
- 18) Brief van mnr. E.J.C. Nagelgast aan C. de Jong, Johannesburg, 10 November 1987. Hy het hom in 1936 aan die Witwatersrand gevvestig.
- 19) Nagelgast verwysing 18 - Anonymus berig in "Zuid-Afrika, maandblad van de ZASM te Amsterdam", jaargang 17 no. 6, Junie 1940, p.82, oor Christoffel van Zyl: "Een broer van (Willem) van Zyl, die naar Zuid-Afrika terugkeerde, doch in verband met die rebellie van 1914 moest uitwijken, voegde zich later bij hen." In plek van rebellie moet ons die mynwersstaking van 1922 lees.
- 20) "Tannie van die Brandwag, Suid-Afrikaanse boere in Java", in "South African Railways and Harbours Magazine", Desember 1939, p.158. Die Encyclopaedie van Nederlandsch Indië, uitgewers M. Nijhoff, Den Haag, en E.J. Brill, Leiden, 1918, tweede druk, berig in voce Lembang by Bandoeeng: "Vermelding verdient nog, dat in 1903 aan eenige Transvaalsche boeren een stuk grond van de vroegere gouovernements kina-aanplanting ter bebouwing werd afgestaan. Deze Transvaalsche kolonie is echter verlopen; enkele boeren zijn nog gebleven." Dit is 'n onopvallende verwysing na die Onversoenlikes op Vrijheidslust en die Generaal-de-Wetplaas.
- 21) Pieter de Waal, "Java, land van vulkane, oerwoude en rysveldte", in "Die Ruiter", 6 September 1947, jaargang 1 no. 18, 6 September 1947, p.48.
- 22) Brief van Kanselarij der Nederlandse Orden aan C. de Jong, Den Haag, 24 Maart 1986, Koninklijk Besluit van 24 Augustus 1922 no. 39, Hirschland as ridder benoem, en Koninklijk Besluit van 28 Augustus 1924 no. 20, W.G. van Zyl as ridder benoem.
- 23) J. van Stijgeren verwysing 15 skryf oor perdeteelt, maar dié bedryf is op die De-Wetplaas nie uitgeoefen nie, volgens mnr. E.J.D. Nagelgast verwysing 18.
- 24) Brief van mnr. Max Hoogveld te Los Angeles, VSA, aan C. de Jong, 23 Julie 1986.
- 25) Mas is 'n adellike titel op Java, ook gebruik as beleefd aanspreekvorm, hier "mevrou".

- 26) Foto's geleen van mev. M. Hamman gebore De Jong, te Florida, familie van die broers Van Zyl.
- 27) Kyk die artikels in verwysing 20 en 21 vermeld.
